

Geloofsvorming en die vermoë om geloof te verdedig by kinders onder sewe jaar as korrekatief op nominale Christendom

GJ Venter

 orcid.org/0000-0003-2516-6165

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad
Magister Theologiae in Apologetiek aan die Noordwes-
Universiteit

Studieleier: Prof Dr HG Stoker

Mede-studieleier: Me LJ Stoker-Braun

Gradeplegtigheid: Mei 2019

Studentenommer: 24705349

BEDANKINGS

Hierdie studie, tesame met die onderbou daarvan, bring werklik by my twee woorde op: “sola gratia”. Dit is alleen die genade van die Here dat ek die voorreg kon gehad het om opleiding te ontvang om Sy Woord te kan bedien. Dit is genade alleen dat Hy my in staat gestel het om hierdie studie aan te pak en my die krag gegee het om hierdie studie te kan voltooi. Dit is genade dat God my as instrument kan gebruik soos wat Hy wil, en dit alles tot Sy eer en vir Sy kerk.

Verder is dit ook genade dat Hy mense oor my pad gestuur het wat bygedra het tot my vorming en die vorming van hierdie studie. Daar is nie woorde om my dankbaarheid teenoor elkeen te beskryf vir die bydra wat hulle gelewer het nie.

Dit is egter vir my nie moontlik om elkeen hier te noem wat bygedra het tot die voltooiing van hierdie studie nie. Om die rede wil ek graag my oneindige dank teenoor hulle uitspreek. Tog wil ek 'n paar mense uitlig, sonder wie hierdie studie nie 'n realiteit sou gewees het nie.

- My vrou, Erika. Jou troue ondersteuning, te midde van baie moeilike jare wat ons gehad is, sal ek nooit vergeet nie. Mag ons al twee die seën van die HERE ervaar met die vrug wat hierdie arbeid opgelewer het, sodat ons tot seën vir mekaar en vir ons kinders, maar ook vir ander mag wees. En ons twee kinders, Alexander en Clarinda, dankie vir julle ondersteuning en opoffering wat julle deur die jare gegee het.
- Ons ouers. Dankie vir die opofferende liefde waarmee julle ons elke dag liefhet. Niks kan hierdie liefde vervang nie.
- Die gemeente vanwaar ek gestuur is, die Gereformeerde kerk Pietersburg (voorheen Pietersburg-Suid). Ek is dankbaar teenoor die kerkraad en elke lidmaat wat ons gedurende my studiejare ondersteun het. Mag die Here sy

kerk in al haar werksaamhede seën sodat Sy Woord suiwer verkondig mag word tot uitbreiding van Sy koninkryk.

- My studieleier, prof Henk Stoker. Ek kan net vir die Here dankie sê vir die besondere gawes waarmee Hy prof toegerus het. Prof se begeleiding het vir my veel meer beteken as om net 'n studie te voltooi. Ek is veral dankbaar vir die wyse waarop prof hierdie droom wat ek het, gerespekteer het, maar ook vir die feit dat prof bereid was om al hierdie ure saam met my in te sit om my te begelei. Dankie vir die optimisme waarmee prof my elke keer ontvang en my help. Mag die Here prof seën in prof se dienswerk, en mag Hy prof die krag gee om ook vir andere so 'n mentor te wees.
- My mede-studieleier (en taalversorger), Louisa Stoker-Braun. Jy het 'n groot guns vir my gedoen en ek weet nie hoe om vir jou dankie te sê vir al jou insette en die moeite wat jy bereid was, om op 'n baie kort kennisgewing, in te sit nie. Sonder jou bydrae sou hierdie studie nie 'n werklikheid kon wees nie. Baie dankie!

Mag ons Here, Jesus Christus, hierdie studie gebruik tot opbou van elke gelowige en tot uitbreiding van Sy koninkryk hier op aarde, tot eer van Sy Heilige Naam.

INHOUDSOPGAWE

Bedankings.....	1
Inhoudsopgawe.....	3
AFDELING A: NAVORSINGSVOORSTEL	5
1.1 Titel en sleutelwoorde	5
1.2 Konsepte	5
1.2.1 Geloofsvorming:.....	5
1.2.2 Verdediging van geloof:	5
1.2.3 Kinders onder sewe jaar:	6
1.2.4 Nominale Christene:	6
1.3 Opsomming.....	7
1.4 Agtergrond en probleemstelling.....	9
1.4.1 Agtergrond	9
1.4.2 Probleemstelling	12
1.4.3 Navorsingsvraag.....	12
1.5 Doelstelling en doelwitte	12
1.5.1 Doelstelling	12
1.5.2 Doelwitte.....	13
1.6 Sentrale teoretiese argument.....	13
1.7 Navorsingsmetodologie	13
1.8 Etiese oorwegings	14
1.9 Indeling.....	15
AFDELING B: ARTIKEL	16
1. ABSTRAK.....	16
ABSTRACT.....	17
2. INLEIDING.....	18
3. DIE VERNIETIGENDE INVLOED VAN NOMINALE CHRISTENE OP DIE CHRISTENDOM	22
3.1 Wat is ’n nominale Christen?.....	22
3.2 Hoe verskil nominale Christene van die Christendom?	23
3.3 Hoe is die huidige generasie Christene nominaal?	24
3.4 Watter effek het nominale Christene op die Christendom?.....	25
4. GELOOFVORMING EN GELOOFSVERDEDIGING BY DIE KIND ONDER SEWE JAAR	27
4.1 Die Kognitiewe ontwikkeling by die kind onder sewe jaar	27
4.2 Die verhouding tussen Godsdiens en spiritualiteit	37

4.3	Waarom geloofsvorming & geloofsverdediging by die kind onder sewe nodig is	38
4.4	Hoe geloofsvorming & geloofsverdediging by kinders onder sewe plaasvind	39
5.	APOLOGETIESE RIGLYNE VANUIT DIE CHRISTELIKE WÊRELBESKOUIING, OM GELOOFVORMING EN GELOOFSVERDEDIGING BY KINDERS ONDER SEWE TE BEVORDER	40
5.1	Ouers moet hul geloof uitleef	41
5.2	Leer die Christelike wêreldbeeld aan kinders en verkondig die evangelie.....	43
5.3	Leer en begelei hulle om die geloof teenoor ander godsdienste (wêreldbeelde) te verdedig	45
5.4	Stimuleer geloofsgesprekke voortdurend	46
6.	GEVOLGTREKKING.....	49
AFDELING C: SAMEVATTING		51
BRONNELYS.....		55

AFDELING A: NAVORSINGSVOORSTEL

1.1 Titel en sleutelwoorde

Titel: Geloofsvorming en die vermoë om geloof te verdedig by kinders onder sewe jaar as korrektief op nominale Christendom.

Sleutelwoorde: geloofsvorming; geloofsgroei; kind / kleuter; nominale Christene / Christendom / deïsme; apologetiek; etiek.

Keywords: faith formation; spiritual growth; child / toddler / nominal Christians / Christianity / deism; apologetics; ethics.

1.2 Konsepte

1.2.1 Geloofsvorming:

Geloofsvorming is 'n sambreelterm en sinoniem met geloofontwikkeling of geestelike ontwikkeling (Spiritual/faith formation). Geloofsvorming het dus met die groei of ontwikkeling van die geloof, of anders gestel, die mens se geestelike lewe onder leiding van die Heilige Gees, te make. Die konsep *geloofsgroei* in die Christelike sin van die woord, fokus dus op die progressiewe transformasie van die mens na die gelykheid van Jesus Christus. Dit is die gevolg van die samewerking met die Heilige Gees wat in die mens se liggaam en siel werksaam is. Hierdie proses van transformasie word o.a. van Galasiërs 4:19 afgelei (vgl. Rom. 12:1-2) (Estep & Kim, 2010:239-244).

1.2.2 Verdediging van geloof:

Die konsep “verdediging van die geloof” is die mees basiese definisie vir Apologetiek (Torress in Frame & Torres, 2015:xxxv). Verskeie definisies is al vir

Apologetiek¹ gegee, maar Frame se eenvoudige definisies is enersyds *die toepassing van die Skrif aan die ongelowige* (vgl. Oliphint, 2013:29) en andersyds *die dissipline wat Christene leer oor hoe hulle antwoord (reason) kan gee vir hulle hoop (die hoop in hulle)* (Frame & Torres, 2015:xxxvi). Christelike Apologetiek (verdediging van geloof) is dus 'n dissipline in diens van God en die kerk wat gelowiges bystaan om die mandaat van o.a. 1 Petrus 3:15-16 uit te voer (Frame & Torres, 2015:1).

1.2.3 Kinders onder sewe jaar:

Oor die algemeen aanvaar sielkundiges dat die kind tussen twee en ses jaar in ontwikkelingsfase geklassifiseer word of bekendstaan as die vroeë-kinderjare fase (Louw & Louw, 2014:7). Teorieë oor kinders onder sewe se kognitiewe ontwikkeling word o.a. bespreek deur sielkundiges soos Piaget en sy tydgenoot, Vygotsky. Intussen het ook ander teorieë die lig gesien, soos die teorie van die gedagte, sowel as die moderne aanslag van inligtingprosessering (Louw & Louw, 2014:157-173). Behalwe vir die belangrikheid van kognitiewe ontwikkeling vir die geloofsvorming by 'n kind, is daar ook teorieë soos dié van Kohlberg wat oor die ontwikkeling van morele rede handel (Weiten, 2014:443-446).

1.2.4 Nominale Christene:

“Nominale Christene” is 'n term wat gebruik word om mense te beskryf wat voorkom as 'n Christen maar wat 'n lewe lei wat onaanvaarbaar is vir God. Hierdie tipe mense aanvaar net gedeeltes van die Christelike leer waarby hulle baat kan vind, maar verwerp dele wat aanstootlik is vir hulle. Dit is mense wat die wêreld se

¹ Ander definisies sluit o.a. in “that branch of Christian theology which seeks to provide a rational justification for the truth claims of the Christian faith” (Craig, 2008:15).

terme vir Christelike beginsels aanvaar het eerder as die Bybel self. Hierdie tipe mense se lewe stem nie ooreen met die Christelike leer nie. Hierteenoor stel die getroue en gelowige Christen gebed en gemeenskap met God as hoogste prioriteit in sy/haar lewe (Nolte, 2013:7-16).

Hoewel Groeschel nie die term “nominale Christene” gebruik nie, sluit hy aan by Nolte en beskryf hy nominale Christene as mense wat in God glo sonder dat hulle Hom werklik persoonlik ken. Hy noem hierdie tipe mense ook kulturele Christene en gaan so ver om te sê dat as God jou nie verander het nie is jy 'n Christen Ateïs (Groeschel, 2010:30-44). Barna (1998:23) stem wel ooreen met Nolte wanneer hy sê hierdie tipe spiritualiteit is Christen alleen in naam. Smith and Denton (2005) noem die jong generasie nominale Christene selfs “Moralistic Therapeutic Deism” (Smith & Denton, 2005:162; Horton, 2012:29-64).

1.3 Opsomming

Die eens “Christelike Weste” is besig om radikaal te verander. Tot 85% van kinders in Amerikaanse publieke skole en heelwat van die kinders in Christenskole het nie meer 'n Bybelse wêreldbeskouing nie (McDowell & Bellis, 2006:14).

Ongeveer 86% van Suid-Afrikaners assosieer hulle met die Christelike godsdiens. Byna die helfte van die groep neem weekliks deel aan openbare godsdiensbeoefening wat 'n skerp daling in betrokkenheid verteenwoordig teenoor twee dekades gelede (Statistics-SA, 2015:27-28). Dit is 'n sterk aanduiding dat 'n groot deel van die Christendom in Suid-Afrika, soos ook in dele van die Westerse wêreld, uit nominale Christene bestaan.

Hierdie studie gaan daarvan uit dat nominale Christene se etiese beskouing 'n vorm van Deïsme is² – 'n sogenaamde Christen-Deïsme, wat 'n verlamende invloed op die Christengemeenskap het. Die studie ondersoek die teorie dat Christen-Deïsme (nominale Christendom) suksesvol aangespreek kan word wanneer Christen-ouers hul kinders reeds gedurende die eerste sewe jaar van die kinders se lewe hulle vanuit die Bybelse wêreldbeskouing opvoed sowel as dit pertinent aan hulle leer. Hierdie leerproses vorm deel van die kind se geloofsvorming en geloofsgroei, asook hulle vermoë om hul geloof te verdedig (apologetiese verdediging). Indien die kind so toegerus word, sal die gelowige kind nie net in staat wees om die Bybelse waarheid te ken nie, maar ook om dit te integreer in hulle lewe en die Bybelse waarheid te kan verdedig teen die aanslae vanuit ander wêreldbeskouings.

Om dit wat genoem is na te gaan, fokus die studie op die onderbou van klein kinders se geloofsvorming en geloofsgroei. Omdat die gesin³ die primêre invloed in die eerste sewe jaar van meeste kinders se lewens is, word ingegaan op die belang van die gesin en sy regmatige plek in die deelname van die geloofsvorming van die kind. Gevolglik word daar gefokus daarop om ouers toe te rus om 'n Bybelse

² Omdat Deïsme 'n historiese ontwikkeling ondergaan het, is daar nie 'n enkele definisie vir Deïsme nie. Deïsme word eerder herken deur sy verskillende gemeenskaplike eienskappe wat daaraan toegeskryf word (Sire, 1997:43-49). 'n Samevattende definisie vanuit hierdie eienskappe kan tog gegee word: 'n Wêreldbeeld waar 'n Transendente God die heelal geskape het as 'n geoutomatiseerde en geslote sisteem van oorsaak-gevolg waarvan God onttrek het sodat die mens self vanuit die skepping (wat normaal en reg is) 'n etiek vir die lewe kan aflei (vgl. ook Geisler, 2013:137-158). Wanneer mens hierdie definisie vergelyk met hoe nominale Christene leef, dan word dit gou duidelik dat ook nominale Christene God dikwels beskou as transendent en nie meer immanent betrokke in sy skepping nie. In praktyk leef nominale Christene gevolglik met 'n ander etiese sisteem as dié van die Christelike etiek – hulle leef eerder 'n etiek wat subjektief uitgewerk word volgens oorsaak-gevolg beginsels (vgl. Barna, 1998:8).

³ Vir die doeleindes van hierdie studie word die gesin breedweg gesien as gesinne wat bestaan uit beide-ouer gesinne, enkelouer-gesinne, saamgestelde gesinne, en selfs gesinne waar kinders by grootouers bly.

wêreldbeskouing (en as't ware 'n geloofslewe) te vestig in die gesin sowel as by die kind.

1.4 Agtergrond en probleemstelling

1.4.1 Agtergrond

Met die draai van die eeu het net meer as 60% van hoërskool kerkgangers in Amerika aangedui dat hulle, nadat hulle met skool klaar is, by kerklike aktiwiteite betrokke sal bly. Hierdie syfer het in 2006 na ongeveer 33% gedaal (McDowell & Bellis, 2006:13). In hulle navorsing toon MacDowell & Bellis aan dat 85% van kinders uit Christen-huise in Amerika wat in publieke skole is, nie 'n Christelike wêreldbeskouing het nie. By kinders in Christen-skole is die persentasie wat 'n Christelike wêreldbeskouing het nie veel hoër nie (McDowell & Bellis, 2006:14). Die navorsing toon verder dat 63% van die tieners in Amerika nie glo dat Jesus die Seun van God is nie, 58% glo dat alle godsdienste dieselfde waarheid verkondig, terwyl 51% selfs glo dat Jesus nooit uit die dood opgestaan het nie (McDowell & Bellis, 2006:15). Ook Horton (2012:18-19) stel die vraag of die grootste deel van die Amerikaanse Christen bevolking wat uit 86% van die populasie bestaan, steeds as Christelik gesien kan word.

Die gevolgtrekking word gemaak dat die Bybelse siening van die werklikheid by Christene in die VSA stelselmatig deur ander heersende kulturele invloede vervang is en so 'n ander identiteit aangeneem het. Die gevolg is dat die Christelike waarhede wat vanuit die Bybel voortvloei volgens die kultuur van die dag herinterpreteer word en nie meer volgens die norme wat die Bybel self stel nie.

MacDowell & Bellis (2006:21) reken dat hierdie probleem ontstaan en ontwikkel het, omdat die meerderheid van die jongmense nie meer spirituele mentors het, wat as lewende voorbeelde van Christus-gelykvormigheid leef nie. In hierdie opsig stem hy met (Barna, 1998:17), wat meen dat die kerk se agteruitgang in die Weste nie die inhoud van die boodskap is nie, maar die mislukking om hierdie waarhede uit te leef, saam. So kom hy tot die gevolgtrekking dat die gemiddelde Amerikaner slegs 'n naam-Christen is (Barna, 1998:35). Trouens, daar is reeds in 1980 met deeglike studies bevind dat die kerk kinders verloor, omdat geloof nie meer binne die huisgesin oorgedra word nie (Strommen & Hardel, 2008:16).

Die gevolge van die bepalende invloed van nie-Christelike lewens- en wêreldbeskouings in Christen-denke, is dat dit wat die hedendaagse jongmens sê hulle as Christene glo en hulle lewenswandel nie met mekaar ooreenstem nie: "They read from the same Bible, talk of a personal relationship with God, and say biblical truth is important to their lives, but their beliefs and behavior are not consistent with what the Bible identifies as a true follower of Christ." (McDowell & Bellis, 2006:21). Smith and Denton (2005:162-163) gaan so ver as om die Amerikaanse tieners se geloof as moralistiese terapeutiese deïsme, waarin God nie 'n bepalende rol in hierdie jongmense se lewe het nie, tensy Hy kan help om 'n probleem op te los⁴, te beskryf.

'n Soortgelyke tendens vind ook in Suid-Afrika plaas. Volgens 'n opname wat Statistieke-SA in 2015 gemaak het, assosieer 86% van Suid-Afrikaners hulle met

⁴ Dit is ook opvallend om te merk dat die hedendaagse jongmens se ouers deel is van die sogenaamde Millennial-generasie.

die Christelike godsdiens⁵. Slegs 52,5% van hierdie persentasie woon weekliks 'n religieuse diens (bv. 'n erediens) by en 'n verdere 22,5% slegs eenmaal 'n maand. 'n Kwart van hierdie Christene woon hoogstens 'n paar keer per jaar 'n diens by, gewoonlik vir spesifieke geleenthede (Statistics-SA, 2015:27-28).

Met hierdie statistieke, gaan die navorsing daarvan uit dat kerklike lidmaatskap en betrokkenheid in Suid-Afrika aan die kwyn is. De Klerk en Van Helden (2011:2) beskou die kerkkrimping as 'n gevolg van 'n "stagnasie of onveranderlikheid van hartsdenke". Ander invloede soos sekularisme en individualisme, dra grootliks tot die afname van Godsbegrip by die gemiddelde gelowige by, wat onder gelowiges 'n totaal nuwe manifestering in hul godsdiens-uitlewing laat posvat (De Klerk & Van Helden, 2011:3). So 'n uitlewing sluit onder andere in dat dinge soos tegnologie die huislike opset tot so 'n mate verander het dat ouers afwesig is sodat godsdienstige gebruike in verskeie huisgesinne nie meer gehandhaaf of uitgeleef word nie. Die gevolg is dat "die ouers niks bied waarin die kinders kan glo nie" (De Klerk & Van Helden, 2011:5).

Volgens die statistiek wat hierbo gegee is, is 'n nominale Christendom ook in Suid-Afrika aan die groei, wat inhou dat 'n al groter wordende getal mense wat hulleself as Christene beskou, nie meer 'n Bybelse wêreldbeskouing het nie.

⁵ Volgens die 2001 verslag van Statistieke-SA is hierdie syfer in 1996 bereken op 87,15% van 'n populasie van 39 806 598 (Statistics-SA, 2001). Nie net toon statistieke aan dat daar 'n afname in getalle is in die laaste twee dekades nie, maar ook die statistieke van openbare religieuse bywoning in 2015 toon aan dat daar 'n nominale Christendom aanwesig is van tussen 25% tot en met soveel as 47,5% van die Christen-populasie.

1.4.2 Probleemstelling

Die probleemstelling van hierdie navorsing is hoe kinders onder die ouderdom van sewe vir geloofsvorming toegerus kan word en in staat gestel kan word om hulle geloof te kan verdedig, in 'n poging om die tendens van nominale Christendom teen te werk.

1.4.3 Navorsingsvraag

Die probleem wat hierdie navorsing aanspreek is: Op watter wyse kan geloofsvorming en geloofsgroei (wat die etiese uitleef en die apologetiese verdediging daarvan insluit) by kinders onder die ouderdom van sewe jaar bevorder word, om as korrektief op nominale Christendom (’n vorm van prakties-morele deïsme) te dien?

Spesifieke vrae waarop daar ingegaan word om die navorsingsvraag te hanteer sluit die volgende in:

1. Wat is die vernietigende invloed van nominale Christene op die Christendom?
2. Hoe vind geloofsvorming en -groei by kinders onder sewe plaas?
3. Watter apologetiese riglyne is daar vanuit die Christelike wêreldbeskouing om geloofsvorming en geloofsgroei by kinders onder sewe jaar te bevorder?

1.5 Doelstelling en doelwitte

1.5.1 Doelstelling

Die doel van hierdie navorsing is om aan te toon dat geloofsvorming, geloofsgroei en geloofsuitlewing, asook die vermoë om geloofsoortuigings te verdedig, alreeds by klein kinders noodsaaklik is om nominale Christendom aan te spreek.

Dit is nie net belangrik vir kinders wat in Christen-huise grootword om in die Christelike geloofsleer te glo nie, dit is ook belangrik dat hulle in staat gestel word om te weet waarom hulle hierdie leer glo sodat hulle hul geloof kan verdedig, kan uitleef en daarin kan groei.

1.5.2 Doelwitte

1. Om vas te stel wat die vernietigende invloed van nominale Christene op die Christendom is.
2. Om vas te stel hoe geloofsvorming en -groei by kinders onder sewe plaasvind.
3. Om enkele apologetiese riglyne vanuit die Christelike wêreldbeskouing, wat ouers in staat kan stel om hulle onmeetbare deelname aan die geloofsvorming en geloofsgroei by hulle kinders onder sewe te bevorder, te bied.

1.6 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat geloofsvorming en geloofsgroei wel by kinders, reeds van baie vroeg in hulle lewe af en tot en met die ouderdom van sewe jaar, noodsaaklik is. Om die rede behoort daar meer aandag aan toerusting vir Christen-ouers gegee te word, aangesien die gesin die primêre rol in die geloofsvorming en geloofsgroei van 'n kind speel.

1.7 Navorsingsmetodologie

Hierdie navorsing word deur middel van 'n literatuurstudie vanuit die perspektief van die gereformeerde teologie binne die Christelike godsdiens, gedoen en maak

verder die aanname dat nominale Christene se etiese beskouing hulle as praktiese deïste klassifiseer, selfs al beskou hulle hulleself as teïste (Sire, 1997). Eksegetiese samevattinge van relevante skrifgedeeltes uit die Bybel, word deur van die grammaties-historiese metode van hermeneutiek gebruik te maak, verkry.

Die werkswyse sal ook volgens die drie perspektiewe van Frame (1999) vir etiese insig en beoordeling aangepak en ingedeel word. Hierdie drie perspektiewe wat Frame die normatiewe, die situasionele, en die eksistensiële perspektiewe noem, staan in 'n spesifieke verhouding wat soos volg gestel kan word: Die Skrif is normatief as woord van God, terwyl die wêreld waarin die Christen leef, wat eise aan hom/haar stel en wat die Christen kan en moet bestudeer en beoordeel, die situasionele perspektief is. Die eksistensiële perspektief is waar etiese norme, deur op die eksistensiële te fokus gesoek word, m.a.w. etiese waardes wat beide die mens se vryheid en sy natuur in ag neem. Christelike etiek word op 'n samehangende wyse vanuit hierdie drie areas afgelei, met die Skrif as finale maatstaf. Op 'n praktiese wyse word dit soos volg uitgebeeld: Wanneer 'n etiese probleem opduik moet drie vrae gevra word: (1) Wat is die probleem (situasioneel)? (2) Wat sê die Skrif met betrekking tot die probleem (normatief)? en (3) Watter verandering in die individu is nodig, sodat die regte ding gedoen kan word (eksistensiel)? (Frame, 1999:52-54).

1.8 Etiese oorwegings

Daar is 'n minimale risiko aan die studie verbode, aangesien dit 'n literatuurstudie is en daar nie met die kinders onder sewe jaar of hulle gesinne gewerk word nie.

1.9 Indeling

Aangesien die studie by wyse van 'n wetenskaplike artikel gedoen word, word die hoofskrifte van die artikel in plaas van 'n hoofstukindeling gegee:

1. Inleiding
2. Die vernietigende invloed van nominale Christene op die Christendom
3. Geloofsvorming en groei by kinders onder sewe
4. Apologetiese riglyne vanuit die Christelike wêreldbeskouing, om geloofsvorming en geloofsgroei by kinders onder sewe jaar te bevorder
5. Samevatting

Die artikel is by die geakkrediteerde wetenskaplike tydskrif KOERS ingedien.

AFDELING B: ARTIKEL

1. ABSTRAK

Die toename in nominale Christene, veral in die Westerse wêreld, het 'n verlamme effek op die Christendom in die betrokke lande. Ongeveer 85% Christen-kindere in Amerikaanse publieke skole het nie meer 'n Bybelse wêreldbeskouing nie. Volgens statistieke is 'n soortgelyke proses ook in Suid-Afrika aan die afspeel. As hierdie tendens nie daadwerklik aangespreek word nie, staan die Christendom in lande wat bekend was vir groot Christen-bevolkings, soos Suid-Afrika en die VSA, die gevaar dat die volgende generasie jongmense 'n deïstiese wêreldbeskouing sal aanneem, waar 'n Christelike uitkyk met gepaardgaande lewende verhouding met God nie deel van hulle daaglikse lewe sal wees nie.

Hierdie artikel fokus op die moontlikheid en noodsaaklikheid om nominale Christendom effektief teë te werk, deur geloofsvorming by voorskoolse Christen-kindere, sowel as die vorming van die kindere se vermoë om hulle geloof reeds in die vroeë kinderjare-stadium (2-6 jaar) te kan verdedig. Daar word onder andere op invloedryke sielkundige teorieë, wat oor voorskoolse kindere se kognitiewe ontwikkeling handel, ingegaan, om vas te stel of kindere tussen die ouderdom van twee en ses jaar wel oor die vermoë beskik om konstruktief aan geloofsontwikkeling deel te hê. Verder word die rol wat ouers kan en behoort te speel om hierdie geloofsgroei en geloofsverdediging by die kind aan te wakker en te vorm, ondersoek. Apologetiese riglyne word vanuit die gereformeerde-Christelike tradisie vir ouers gebied, om hulle hierin by te staan.

ABSTRACT

The growth of nominal Christians, especially in the western world, has a numbing effect on Christianity in those countries. About 85% of Christian children in public American schools no longer has a Biblical worldview. According to statistics a similar process is taking place in South Africa. If this trend is not actively addressed, Christianity, especially in countries like South Africa and the USA, that has been known for their great Christian population, will be in danger of having the next young generation accepting a deistic worldview, resulting that a Christian outlook as well as a living relationship with God will no longer be a part of their lives.

This article focusses on the possibility and necessity to effectively counteract nominal Christianity by focussing on the faith formation in pre-primary Christian children as well as the shaping of children's ability to defend their faith from as early as the early-childhood phase (two to six years). The research investigates prominent psychological theories that covers the pre-schooler's cognitive development in order to determine if children between ages two and six has the ability to constructively partake in faith formation, as well as the role that parents have in encouraging and shaping this faith formation and the defending of their faith (apologetic ability). Apologetic guidelines from the Christian reformed tradition are given to parents in order to assist them in this task.

2. INLEIDING

'n Kind worstel met die diepste teologiese vrae, dalk selfs nog voordat hulle kan praat⁶. Teen die tyd wat kinders wel begin praat, kom hulle met van die moeilikste lewensvrae – hulle vra saam met die vrae oor die gewone gang van die lewe ook eksistensiële vrae.

Toe my seuntjie drie jaar oud was en ons in die kar is op pad na vakansie, vra hy uit die bloute vir ons: “As God in ons hart is, en daar is net een God, hoe kan Hy gelyk in elke kind van God se hart wees?” Dit is 'n hoogs intelligente vraag wat van 'n drie-jarige af kom! Ons was stomgeslaan dat 'n klein kind al sulke goeie logika⁷ gebruik om te probeer sin maak van die geloof wat ons (sover) vir hom geleer het. Die besef dat ons hom sal moet antwoord het onder andere aanleiding tot hierdie navorsing gegee. As ons sy vraag nie na behore beantwoord nie, gaan ons kind moontlik met hierdie vraag worstel totdat hy dalk 'n verkeerde antwoord by iemand anders kry, of hy gaan dink dat daar nie antwoorde is nie. Wanneer dit gebeur, sal ons kind nie net in ons twyfel nie, maar

⁶ Klink (1970) vra die vraag: “Kan een jong kind al geloven in God?” (1970:27). Sy vra verder: “Wanneer kan het geloof beginne in een menseleven? ... Wanneer begint de liefde in een menseleven? Is dat aan te geven? Ook die moet gewekt worden en groeit ongemerkt in het eerste contact van ouders en kind. U kunt niet zeggen: ‘Toen begon het kind van ons te houden.’ Deze gedachte komt niet eens bij u op, want vanaf de geboorte is er immers al een menselijke verbondenheid, die bij het kind langzaam begint te dagen. U kunt niet dateren, wanneer uw liefde werkelijk voor het eerst beantwoord werd. Het begint toch eigenlijk bij het begin. Zo kan het geloof en al wat daartoe bijdraagt toch ook niet anders beginnen dan bij het begin.” (Klink, 1970:27-28).

⁷ Die mens se logika is so deur die sonde verduister dat menslike rede alleen nie tot Godskennis kan lei nie. Eers as die Heilige Gees die geloof in die mens se hart werk wanneer die Skrifopenbaring deurgegee word, is dit moontlik dat die menslike rede 'n rol van diensbaarheid aan die Skrif inneem. Hierdie verhouding tussen die Skrif en menslike rede word regdeur die eeue deur Christene en gereformeerdes gehandhaaf (Stoker, 2017). God bly die basis/norm van alle logika, maar Hy skep die mens ook met logiese denke, sodat die mens Hom deur die geloof reg kan ken en kan weet wat Sy wil is, soos Hy Homself in die Skrif openbaar (Geisler & Brooks, 1990:17; Frame, 1999:6-7; 51-52; Frame, 2008:181).

in die grootheid en almag van God self, wat weer geloofsworsteling en onsekerhede by hom te weeg kan bring, asook dat God vir hom deïsties ver is en nie regtig by sy lewe of sy hart betrokke is of kan wees nie. Ons het dus besef ons kan nie soos volg antwoord nie: “As jy groot is sal jy verstaan”, of “Moenie vrae vra wat die Bybel nie vir ons sê nie!” Tot sy tevredenheid, het ek toe soos volg reageer: “Dit is ’n baie goeie vraag! God is so groot dat Hy in al sy kinders se harte gelyk kan wees! Dit is juis waarom ons God kan aanbid, want Hy is orals en altyd by ons” (Venter, 2015).

Die antwoord het vir die driejarige seuntjie genoeg logies sin gemaak dat hy vereers daarmee tevrede was. Dit het hom gehelp om vrede te kry oor hierdie vraag, ’n dieper besef van God se grootheid of sy alomteenwoordigheid te ontwikkel en tot sy geloofsvorming en geloofsgroei, soos die Heilige Gees dit in sy hart en verstand bewerk, bygedra. Wat sy daaglikse lewe betref, het dit hom baie duidelik in staat gestel om in sy verhouding met God (van Wie hy die bewustheid gehad het dat hy altyd by hom en al Sy kinders is) te groei, Hom te vertrou en sy geloof met sekerheid uit te leef. Die antwoord wat hy gekry het, het dit vir hom moontlik gemaak om met oortuiging ’n antwoord te gee oor sy geloof in God, teenoor jonk en oud wat dalk soortgelyke vrae vra.

Juis omdat alle mense hulpeloos in die wêreld kom, leer kinders van kleins af om te vertrou⁸. Hierdie sekerheid en vertrouwe bied insig oor God en Sy liefde en

⁸ Hoe hoog in vergelyking met hulle eie lengte word kinders byvoorbeeld deur volwassenes opgetel en hulle wonder nie eers of hulle veilig sal wees nie, maar vertrou die volwassene.

betroubaarheid en vorm 'n baie belangrike deel van geloofsbegeleiding by Christen kinders – veral in 'n tyd waarin nominale Christendom⁹ so 'n inherente deel van diegene wat hulleself as Christene beskryf geword het (Barna, 2003:33-37; De Klerk & Van Helden, 2011:3; Jenkins, 2011:1-6, 85-89; Horton, 2012:18-19; Barna & Kinnaman, 2014).

'n Kenmerk van nominale Christene, is dat hulle (ten minste wat hierdie lewe betref) nie uit 'n sekerheid van hulle verhouding met God leef nie. Dit het 'n vernietigende effek op die Christendom, aangesien dit dan nie vir die volgende geslag sin maak om enigsins met so 'n God – as Hy regtig bestaan – te doen te hê nie. Tot en met 85% van kinders uit Christen-huise in Amerikaanse publieke skole het nie meer 'n Christelike wêreldbeskouing¹⁰ nie (McDowell & Bellis, 2006:13-15), wat beteken dat die huidige generasie nie meer 'n Christelike fondasie het waarvolgens hulle, hul lewe inrig nie.

Ook in Suid-Afrika lyk die situasie nie veel beter nie. Van die 86% van die bevolking wat hulleself as Christene beskou, woon ongeveer 'n kwart slegs een of tweemaal 'n jaar 'n Christelike byeenkoms of erediens by, terwyl 'n ander kwart slegs eenmaal 'n maand bywoon (Statistics-SA, 2015:27-28). Daar is 'n direkte

⁹ “Nominale Christene” is sinoniem met naam-Christene (Barna, 1998:23) of kulturele Christene. Daar is selfs mense wat na nominale Christene verwys as Christen-ateïste (Groeschel, 2010:30-44). Nominale Christene is 'n term wat gebruik word om mense te beskryf wat voorkom as 'n Christen maar wat 'n lewe lei wat onaanvaarbaar is vir God omdat hulle lewe nie ooreenstem met die Christelike leer nie. Kortom is dit mense wat in God glo sonder dat hulle Hom werklik persoonlik ken (Nolte, 2013:7-16).

¹⁰ Sire (2009) definieer 'n wêreldbeskouing soos volg: “A worldview is a commitment, a fundamental orientation of the heart, that can be expressed as a story or in a set of presuppositions (assumptions which may be true, partially true or entirely false) that we hold (consciously or subconsciously, consistently or inconsistently) about the basic constitution of reality, and that provides the foundation on which we live and move and have our being” (Sire, 2009:20).

korrelasie tussen mense wat nie aan hierdie aktiwiteite deelneem nie, en die mate waarin God vertrou word of werklik 'n rol in mense se lewe speel. As die nominale Christene se optrede nie daadwerklik vanuit 'n Christelike wêreldbeskouing wat daarvan uitgaan dat alle dinge uit, deur en tot God is (Rom. 11) teëgewerk word nie, is die implikasie dat die volgende generasie jongmense se Godsbeskouing so negatief kan wees, dat hulle hulself nie meer as Christene sal beskou nie – en as gevolg van dit wat hulle by nominale ouers van Christenwees gesien het, selfs baie negatief oor Christene sal wees.

Hierdie artikel wil vanuit 'n gereformeerde God- en Skrifbeskouing aantoon dat geloofsvorming, -insig en -verdediging¹¹ reeds by klein kinders noodsaaklik is om nominale Christendom aan te spreek en teen te werk¹². Die fokus val op die volgende drie punte: die vernietigende invloed van nominale Christene op die Christendom; die geloofsvorming en geloofsgroei by die kind onder sewe jaar; en riglyne vanuit die Christelike wêreldbeskouing om geloofsgroei en -insig te verseker, sodat kern begrippe en -insigte by kinders onder sewe vasgelê kan word,

¹¹ Geloofsvorming en geloofsverdediging is twee konsepte wat deurgaans in hierdie artikel gebruik word, daarom is dit sinvol om 'n definisie van elk te bied.

Geloofsvorming is 'n sambreelterm en sinoniem met geloofontwikkeling of geestelike ontwikkeling (Spiritual/faith formation). Geloofsvorming het dus te make met die groei of ontwikkeling van die geloof of anders gestel, die mens se geestelike lewe onder leiding van die Heilige Gees. Die konsep *geloofsgroei* in die Christelike sin van die woord, fokus dus op die progressiewe transformasie van die mens na die gelykheid van Jesus Christus. Dit is die gevolg van samewerking met die Heilige Gees, wat in die mens se liggaam en siel werksaam is. Hierdie proses van transformasie word o.a. uit Galasiërs 4:19 afgelei (vgl. Rom. 12:1-2) (Estep & Kim, 2010:239-244).

Geloofsverdediging beteken om die geloof te verdedig en is basies sinoniem vir Apologetiek (Torres in Frame & Torres, 2015:xxxv). Verskeie definisies is al vir Apologetiek gegee¹¹, maar Frame se eenvoudige definisies is enersyds *die toepassing van die Skrif aan die ongelowige* (vgl. Oliphint, 2013:29) en andersyds *die dissipline wat Christene leer oor hoe hulle vir hulle hoop (die hoop in hulle) antwoord (reason) kan gee* (Frame & Torres, 2015:xxxvi). Christelike Apologetiek (verdediging van geloof) is dus 'n dissipline in diens van God en die kerk, wat gelowiges bystaan om die mandaat van o.a. 1 Petrus 3:15-16 uit te voer (Frame & Torres, 2015:1).

¹² Die navorsing gaan daarvan uit dat die direkte gesin die primêre rol in die geloofsvorming en geloofsgroei van 'n kind speel.

om hulle in staat te stel om ook in diepte in hulle geloof te groei en hulle begelei om hulle geloof, soos nodig, te verdedig. Vrae wat in die volgende drie hoofpunte bespreek word, is onder andere: Wat is die probleem?; wat kan gedoen word om die probleem op te los?; en hoe kan dit aangepak word?

3. DIE VERNIETIGENDE INVLOED VAN NOMINALE CHRISTENE OP DIE CHRISTENDOM

3.1 Wat is 'n nominale Christen?

Die gereformeerde geloofsbelydenisskrif, die Heidelbergse Kategismus (hierna HK), vra die volgende vraag wat met nominale Christene verband hou (Ursinus & Olevianus, 1563:59): “Kan dié mense dan nie salig word wat in hulle goddelose ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?” en dan volg die antwoord: “Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodsdienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie” (Sondag 32:87). Dit gaan dus oor mense wat “salig” wil word, maar nie volgens 'n Christelike geloofsoortuiging lewe nie. 'n Belangrike kenmerk van nominale Christene, is dat dit wat hulle as Christene bely, nie met hulle lewenswyse ooreenstem nie. Hulle leef op so 'n wyse dat hulle lewe nie dit wat God eis gehoorsaam nie en nie met die Christelike leer wat hulle sê hulle bely, ooreenstem nie. Omdat die fokus op eie subjektiewe voorkeur van etiese uitlewing van die godsdiens val, kom dit daarop neer dat nominale Christene God as Skepper bely, maar dat Hy van hulle daaglikse lewe onbetrokke bly en apart staan, sodat

hulle uiteindelik 'n deïstiese wêreldbeskouing¹³ in plaas van 'n teïstiese wêreldbeskouing¹⁴ het.

3.2 Hoe verskil nominale Christene van die Christendom?

Bo en behalwe daarvoor dat nominale Christene 'n ander wêreldbeskouing as die teïstiese wêreldbeskouing waaraan die Christendom vashou, het en gevolglik nie aan die uitlewing van 'n Christelike leer voldoen nie, faal nominale Christene ook in die opdrag om die Christelike geloof uit te dra en te verdedig. Die HK identifiseer sulke mense in Sondag 31 as mense “wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra” (Ursinus & Olevianus, 1563:58).

Wanneer die Nederlandse geloofsbelydenis (hierná NGB) in Artikel 29 oor die kenmerke van die ware en valse kerk handel en sekere verskille uitlig tussen die ware kerk en kerke wat aan hulleself “ten onregte die naam kerk toe-eien”, fokus dit ook op belangrike verskille tussen nominale Christene en die Christendom (De Bres, 1561:24-25). Teenoor nominale Christene word ware Christene in hierdie artikel uitgeken aan die volgende (De Bres, 1561:24-25):

¹³ 'n Samevattende definisie van die deïstiese wêreldbeskouing: 'n Wêreldbeeld waar 'n Transendente God die heeal geskape het as 'n geoutomatiseerde en geslote sisteem van oorsaak-gevolg waarvan God onttrek het sodat die mens self vanuit die skepping (wat normaal en reg is) 'n etiek vir die lewe kan aflei (vgl. Sire, 1997:43-49; Geisler, 2013:137-158).

Die deïstiese wêreldbeskouing het sy eintlike ontstaan eers in die 17de eeu gehad vanuit die teïstiese wêreldbeskouing wat tot op daardie stadium die enigste wêreldbeskouing was. Dit het verder ontwikkel en vertak in verskeie groepe, waaronder ook deïstiese Christen-groepe ontstaan het waarvan sommige hulle eie natuurgodsdiens en menslike rede selfs hoër geag het as Jesus se leringe, die Goddelike gesag van die Bybel, en die Christelike leer (Brooke, 1991:168; Southgate, 2005:26; Hillerbrand, 2008:97-108).

¹⁴ 'n Basiese definisie van die teïstiese wêreldbeskouing: 'n Wêreldbeeld wat glo in 'n ewige en oneindige persoonlike God wat Homself in die Skrif geopenbaar het. Hy is Drie-enig en is beide transendent en immanent betrokke by sy skepping, terwyl Hy ter selfde tyd alomteenwoordig, soewerein, en goed is (Sire, 2009:25-31).

- Hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser, Jesus Christus, aangeneem het.
- Dat hulle daarná die sonde ontvlug.
- Die geregtigheid najaag.
- Die ware God en hulle naaste liefhet.
- Nie na regs of links wil afwyk [van die HERE se Woord (vgl. Deut. 5:32)] nie.
- Hulle sondige natuur met sy werke wil kruisig.
- Terwyl hulle met nog groot swakheid in hulle altyd weer toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom vergewing van hulle sondes het.

3.3 Hoe is die huidige generasie Christene nominaal?

Baie van die huidige generasie Christen-jongmense word beskryf as “They like Jesus but not the church” (Lakies, 2013:15). Hulle geloofsoortuigings word selfs as ’n nuwe soort geloof, wat om geluk draai en wat op twee wyses verkry kan word, beskou. Eerstens word algemene reëls soos vriendelikheid en liefdadigheid gevolg, wat die karakter van ’n goeie persoon tentoonstel, sodat hulle vir ander mense aangenaam en aanvaarbaar is. Tweedens word tot God geroep wanneer daar moeilikheid is, sodat Hy kan inspring, geluk voorsien en daarna weer kan onttrek. Daarom word hierdie nuwe geloofsverskynsel of wêreldbeskouing selfs ’n moralistiese terapeutiese deïsme genoem (Smith & Denton, 2005:162; Horton, 2012:29-64), waar moralisme as gereedskap in die verkryging van subjektiewe

welstand en geluk gebruik word (Lakies, 2013:15-16). Dié deel van die huidige generasie gebruik dus hulle eie subjektiewe siening as instrument vir die verkryging van sogenaamde ware kennis, omdat hulle ware geluk wil verkry deur gehoorsaam te wees aan morele deugde wat hulle self bedink of voel.

3.4 Watter effek het nominale Christene op die Christendom?

Mense se sondige natuur laat hulle graag doen wat goed is in hul eie oë (vgl. Rig. 21:25; Spr. 12:15) en in effek lewe asof God nie bestaan nie (vgl. Ps. 14:1), terwyl hulle op die morele wet in hulle, waarmee God hulle geskape het om morele besluite te maak, staatmaak (Geisler, 2001:310-311; Lewis, 2012:3-45). Sonder God wat die standaard is van wat goed is, is objektiewe moraliteit nie moontlik nie, aangesien die mens dit in homself of ander mense moet vind (vgl. Groothuis, 2011:331) en is die mens se morele beoordeling verdorwe vanweë sy sondige natuur (Rom. 1:18-32) en het dit willekeurig tot gevolg as God die mens nie deur sy Heilige Gees weergebore laat word nie (Joh. 3:3).

Die deïstiese wêreldbeskouing van die huidige generasie nominale Christenjongmense het nie net 'n vernietigende invloed nie, maar dit het ook 'n verlammeende effek op die Christendom. Vanuit die geskiedenis is dit duidelik dat die deïstiese wêreldbeskouing vanaf sy ontstaan en sonder behoorlike Skrifgronde, teen die ortodokse Christelike leer gekant was en wou dat die Christelike kerk hulle deïstiese beskouings as normatief aanvaar (Hillerbrand, 2008:103). Daarom is dit glad nie vreemd om hierdie selfde verskynsel steeds by nominale Christene wat ook 'n deïstiese wêreldbeskouing handhaaf te sien nie.

Hierdie reaksie teen die kerk het 'n verlamme effek op die Christendom omdat nominale Christene 'n leer wat met die Christelike leer in stryd is, aan jongmense deurgee. Dit kom daarop neer dat die mens self kan besluit hoe hy sy geloof of spiritualiteit wil uitleef, sonder om aan enige perke wat die Bybelse openbaring of grense wat die Christelike leer daarstel, gehoor te gee. Aangesien die mens in sy sondige wese sy eie belange wil dien, word Christene vir hierdie deïstiese wêreldbeskouing, waar hulle self kan besluit of en in welke mate hulle hulle aan die gesag van die Skrif en die Christelike leer wil onderwerp, vatbaar. Nie net verlam hulle die Christendom van binne, omdat 'n belydenis sonder 'n uitlewing daarvan vals is (Jak. 2:14-26) nie, maar dit het ook 'n vernietigende invloed op die Christendom, aangesien hierdie naam-Christene, in die woorde van die gereformeerde belydenisgeskrif, "huigelaars wat in die kerk met die goeies vermeng is en tog nie aan die kerk behoort nie alhoewel hulle uiterlik daarin is" is (De Bres, 1561:24-25). Sodoende beïnvloed hulle mense van binne die kerk, met die effek dat dit die Christendom in nominalisme laat verval.

Omdat die nominale Christene die Christendom binnedring en 'n ander leer binne die kerk bevorder, is dit makliker vir Christen-gelowiges, veral kinders en diegene wat nog nuut in die geloof is, om verward te raak en deur hierdie wêreldbeeld van relativisme beïnvloed te word (vgl. Ps. 1), wat tot gevolg kan hê dat hierdie jong gelowiges die Bybelse wêreldbeeld vir 'n nominale wêreldbeskouing inruil.

4. GELOOFVORMING EN GELOOFSVERDEDIGING BY DIE KIND ONDER SEWE JAAR

Die vertrekpunt van hierdie artikel is dat dit nodig is om die probleem van nominale Christendom reeds by kinders onder sewe jaar te begin aanspreek. Daarom moet die moontlikheid van hierdie kinders se vermoë om op 'n meer abstrakte vlak oor God sowel as om in sy verhouding tot ander mense te handel, eers teen die bevindinge van ontwikkelingsielkundiges en ander gesaghebbende persone, wat op hierdie vroeë ouderdom navorsing doen en skryf, getoets te word. Eerstens word daar na die ontwikkelingsfases in die Sielkunde, waardeur kinders onder sewe jaar gaan gekyk, waarna daar op die verhouding tussen godsdiens en spiritualiteit by klein kinders gefokus word.

4.1 Die Kognitiewe ontwikkeling by die kind onder sewe jaar

Hoewel die mens 'n komplekse wese, wat deur verskeie faktore en teen verskillende tempo's en stadia in sy lewe ontwikkel, is, bly dit nuttig om kinders volgens ontwikkelingsstadia in te deel. Oor die algemeen aanvaar sielkundiges dat 'n kind tussen twee en ses jaar in ontwikkelingsfase wat as die vroeë-kinderjarefase bekendstaan, geklassifiseer word (Louw & Louw, 2014:8). Eerstens word daar op die kind se kognitiewe ontwikkeling in die vroeë-kinderjarefase gefokus, veral omdat hierdie area belangrike raakpunte vir die kind se geloofsvorming en geloofsverdediging het.

Kognitiewe ontwikkelingsteorieë fokus op hoe kinders dink en hoe hulle denke met die verloop van tyd verander (Louw & Louw, 2014:25). Teorieë oor kinders onder sewe se kognitiewe ontwikkeling, word onder andere deur bekende

sielkundiges soos Piaget en sy tydgenoot, Vygotsky, bespreek (Shaffer & Kipp, 2010:281). Intussen het ander teorieë ook die lig gesien, soos Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling (Weiten, 2014:443-446), die gedagte-teorie, sowel as die moderne tegniek van inligtingprosessering (Louw & Louw, 2014:157-173). Omdat verskillende gangbare teorieë telkens hulle sterkpunte, maar ook hulle gebreke om alles van 'n kind se kognitiewe ontwikkeling volledig weer te gee, het (Louw & Louw, 2014:16), word daar op verskillende teorieë ingegaan, sodat 'n beter beeld van die kind se kognitiewe en morele ontwikkeling, asook die faktore wat hierdie ontwikkeling beïnvloed¹⁵, gevorm kan word.

4.1.1 Piaget

Elke ouer weet dat kinders grense toets. Reeds van kleins af kyk kinders wat 'n mens gaan doen as hulle 'n reël oortree. Party mense dink dit is moedswilligheid, maar die bekende sielkundige Piaget verklaar hierdie tipe gedrag as deel van hulle eksperimentering om die wêreld om hulle te verstaan. Dit is die mens se manier om sy eie teorieë van die werklikheid op te bou en te toets en sin te maak van die werklikheid. Wanneer die teorie die toets deurstaan, versterk dit die teorie, maar wanneer die teorie die toets nie deurstaan nie, pas kinders hulle teorie aan, sodat die teorie deur middel van ervarings verder vorm kan aanneem en kan ontwikkel (Shaffer & Kipp, 2010:250; Louw & Louw, 2014:25-26).

¹⁵ Daar bestaan steeds 'n debat onder sielkundiges oor die verhouding tussen aard en opvoeding (nature & nurture), met ander woorde of kinders se oorgeërfde eienskappe verantwoordelik vir hulle ontwikkeling is en of die invloed van die ouers en omgewing die deurslaggewende rol in kinders se ontwikkeling speel. Verdere onsekerheid in die verband gaan oor of kinders 'n aktiewe of passiewe rol in hulle vorming speel en wat die kulturele konteks se bydra in kinders se ontwikkeling is. Tog word daar erken dat godsdiens en spiritualiteit wel 'n groot rol kan speel (Louw & Louw, 2014:10-15).

Volgens Piaget gaan kinders deur vier verskillende stadia van kognitiewe ontwikkeling, wat elkeen 'n meer komplekse beredenering van hulle verstaan van die werklikheid bevat. Die eerste fase is die sensories-motoriese stadium waartydens kinders vanaf geboorte vir die eerste twee jaar hulle kognisie, deur middel van hulle sintuie en motoriese vaardighede, ontwikkel.

Die tweede stadium fokus op kinders tussen twee en ses jaar oud en word die pre-operasionele fase genoem. Dit is onder andere tydens hierdie stadium waar kinders taal en simbole gebruik om idees en voorwerpe voor te stel. Die volgende fase (7-11 jaar oud) staan as die konkrete operasionele fase bekend. Volgens Piaget ontwikkel kinders tydens hierdie fase logiese denke, met min tot geen abstrakte denke. Die laaste fase is die formeel-operasionele fase waartydens 12-jarige kinders die vermoë om in terme van abstrakte konsepte te dink, ontwikkel (Louw & Louw, 2014:25-26)¹⁶.

Die geloofsvorming van kinders onder sewe val hiervolgens in die pre-operasionele stadium, waartydens kinders (volgens Piaget) nog nie abstrak kan dink nie. Dit beteken dat kinders nog nie gereed is om logiese denke te verstaan nie. Tog gebruik kinders alreeds taal op kognitiewe vlak om na objekte te verwys en dan ook oor sake te redeneer, wat 'n bewys van abstrakte denke is. Selfs Piaget se teorie dat kinders op hierdie stadium animisties dink om emosies aan nie-

¹⁶ Hierdie fases van die kind se kognitiewe denke word veral gebaseer op die volgende interafhanklike beginsels of prosesse. *Organisering* vind plaas wanneer die kind sin maak van die werklikheid, sodat alles gesistematiseer word in kategorieë (wat Piaget skemas noem). *Aanpassing* vind plaas wanneer die kind sy/haar teorie moet wysig om aan te pas by die nuwe inligting van die werklikheid. Laasgenoemde vind plaas op een van twee wyses: óf by wyse van *assimilasie*, óf by wyse van *akkommodasie*. Piaget glo dat *assimilasie* en *akkommodasie* gebruik word om die kind se teorie in harmonie te bring met die werklikheid, wat Piaget *ekwilibrium* noem (Shaffer & Kipp, 2010:250-252; Louw & Louw, 2014:27).

lewende objekte, soos kinders se speelpoppe of speelgoeddiere, toe te ken, getuig daarvan dat kinders wel abstrak kan dink. Piaget baseer sy siening op sekere hindernisse wat hy deur eksperimente wat hy met volumes vloeistowwe gedoen het¹⁷ waargeneem het (Louw & Louw, 2014:158-161).

Piaget het 'n groot bydrae in die verstaan van kinders se kognitiewe ontwikkeling gemaak, veral dat kinders 'n aktiewe rol in die verstaan van hulle wêreld speel (Shaffer & Kipp, 2010:278), wat ten opsigte van die verstaan van kinders se geloofsvorming en hulle vermoë om hulle geloof te kan verdedig, in ag geneem moet word. Tog is Piaget se teorie tot 'n mate eensydig en is daar kritiek op sy teorie. Onder andere op sy verstaan dat kinders se kontekste geen rol in hulle kognitiewe vorming speel nie (Weiten, 2014:441).

Hedendaagse navorsing verskil in verskeie opsigte van Piaget, bv. dat kinders in hierdie fase nie animisties is of werklik glo dat objekte lewendig is nie. Verder het studies van kinders se emosionele ontwikkeling getoon dat kinders empatie kan wys en nie so egosentriek is as wat Piaget se eksperiment gewys het nie en daar is deur toetse bepaal dat sekere kinders wel 'n begrip van numeriese oriëntasie het – iets wat Piaget sterk bevraagteken het (vgl. veral Shaffer & Kipp, 2010:266-269; Louw & Louw, 2014:161-162).

¹⁷ Hierdie eksperimente staan as Piaget se behoudstudies bekend. Hy het onder andere twee identiese glase met dieselfde hoeveelheid vloeistof gevul. Nadat die kind erken dat beide glase dieselfde hoeveelheid vloeistof bevat, word een glas se vloeistof in 'n derde glas wat beide langer en dunner is, ingegooi. Die algemene waarneming is dat kinders in die pre-operasionele fase gewoonlik sê dat die derde glas nou meer vloeistof as die eerste glas het. Na aanleiding daarvan, het Piaget die afleiding gemaak dat hierdie kinders se denke op die voorwerp wat die meeste aandag trek gesentreerd is, en daarom word kinders in hierdie fase ook as intuitiewe denkers geklassifiseer (Shaffer & Kipp, 2010:265).

4.1.2 Fowler

Wanneer dit by kinders se geloofsvorming kom, is Fowler se teorie steeds gesaghebbend, selfs al was daar al indringende kritiek daarteen (Myers, 2009:39; Louw & Louw, 2014:297). Fowler baseer sy teorie op die ontwikkelingstadia van Piaget en pas dit op kinders se geloofsonwikkeling toe (Myers, 2009:11, 13, 39). Hoewel Fowler die geloofsonwikkeling in ontwikkelingstadia beskou, glo hy steeds dat kinders se geloof nie vanself ontplooi nie, maar dat kinders met die gereedheid vir geloof, wat veral deur die interaksie en versorging van die ouers ontwikkel moet word, gebore word (Myers, 2009:12, 29, 56).

Die eerste twee jaar van kinders se lewe kan as die vooraffase van geloof, waarin kinders, gebaseer op die interaksie wat kinders met hulle ouers het, gevoelens van vertroue en ondersteuning ontwikkel, beskou word. Dit skep die fondasie vir 'n gesonde ontwikkeling van geloof. Die volgende fase, die vroeë kinderfase (2-6 jaar) hou in dat kinders oor basiese morele beoordeling – oor wat as reg en wat as verkeerd beskou kan word, begin beskik. Dit is ook tydens hierdie fase dat kinders begin om hulle gedagtes oor wie God is en wie die duiwel is, te vorm, hoewel dit dikwels baie konkrete voorstellings van God en die duiwel is.

Teen die tyd wat kinders die middel-kinderfase betree, is hulle reeds deur verskeie volwassenes beïnvloed. In hierdie fase begin kinders meer logies dink, maar volgens Fowler, neem hulle religieuse stories steeds baie letterlik op. Die laaste godsdienstige fase word bereik wanneer kinders volwassenheid betree. Hierdie fase word daardeur gekenmerk dat die persoon 'n soeke na liefde en aanvaarding, asook 'n persoonlike verhouding met God het. Fowler glo mense

beweeg uit hierdie fase sodra hulle kognitiewe denke so ver ontwikkel het dat hulle die godsdiens begin betwyfel (Louw & Louw, 2014:296-297).

Kritiek teen Fowler se teorie sluit onder andere in dat hy moderne kinders wat krities oor gevestigde standarde dink en selfs daarteen sal rebelleer, onderskat. Verdere kritiek hou onder andere in dat Fowler se definisie van geloof so wyd is dat dit godsdienstige geloof oorskry (vgl. Myers, 2009:40). Om die rede is die gevolgtrekkings wat sy navorsing bied oop vir verskillende interpretasies (Louw & Louw, 2014:297). Fowler se teorie beklemtoon wel die belangrike punt dat gesinne en die samelewing 'n krities-belangrike rol in kinders se geloofsvorming speel.

4.1.3 Vygotsky

Vygotsky, Piaget se tydgenoot, stem met Fowler saam in die erkenning dat omgewingsfaktore soos die invloed van die huislike omgewing en kleuterskool 'n krities-belangrike rol in kinders se kognitiewe ontwikkeling speel.

Waar Piaget meer fokus op kinders se huidige intellektuele vermoëns plaas, stel Vygotsky in kinders se intellektuele potensiaal belang (Louw & Louw, 2014:168). Hy stem met Piaget saam dat kinders wel intrinsieke ontwikkeling ondergaan, maar anders as Piaget, glo Vygotsky dat hierdie innerlike kragte kinders nie ten volle, sonder die hulp van die samelewing kan ontwikkel nie. Deur die spesifieke samelewing/kultuur se deelname in rolmodelle en gesprekke word die nodige toerusting aan die kind oorgedra om kognitief ten volle te kan ontwikkel. Dit sluit vaardighede soos taal, memorisering, numeringsisteme, wetenskaplike konsepte, ensovoorts, in (Shaffer & Kipp, 2010:282-283; Louw & Louw, 2014:167). So het

elke samelewing ten doel om kinders in staat te stel om die spesifieke groep se vaardighede en kultuur aan te leer. Om die rede fokus Vygotsky eerder op die maniere waarop volwassenes in hierdie ontwikkeling van kinders meewerk (Louw & Louw, 2014:28-29)¹⁸.

Omdat Vygotsky beklemtoon dat kinders se kognitiewe groei primêr deur die interaksie met ouers, onderwysers, en die res van die samelewing ontwikkel (Shaffer & Kipp, 2010:281), bied hierdie teorie in beginsel genoegsame begroning dat ouers hulle kinders ook in hul proses van geloofsvorming en –groei moet stimuleer en begelei, om sodoende die kind te help om ook op geestelike terrein volwassenheid te bereik (vgl. 1 Kor. 3:2; Heb. 5:12-13; 1 Pet. 2:2). Dit is hier waar kinderspel en die sogenaamde steierwerk (*scaffolding*) ter sprake kom. Wanneer dit by die begeleiding van en deelname aan hierdie spel kom, het ouers die grootste invloed op hulle kinders, juis omdat hulle, hulle kinders beter ken en gewoonlik weet watter blootstelling elke kind op 'n nuwe vlak tot verdere ontwikkeling en groei sal uitdaag (Shaffer & Kipp, 2010:287-288)¹⁹.

¹⁸ Vygotsky noem hierdie invloed van volwassenes in kinders se lewe die area van nabye ontwikkeling, of die *zone of proximal development*. Dit verwys na die verskil in ontwikkeling tussen 'n kind wat sonder begeleiding, en 'n kind wat met begeleiding funksioneer, waar laasgenoemde 'n hoër prestasie en bekwaamheid lewer (Louw & Louw, 2014:168). Sy teorie word onder andere ook gebaseer op sy siening dat die kognitiewe ontwikkeling 'n dialektiese proses volg van tese, antitese en sintese, waar die tese die kind se aanvanklike idee is, wat deur 'n ouer persoon se antitese uitgedaag word, sodat die kind uiteindelik tot 'n sintese kan kom wat die kind tot hoër kognitiewe vlakke gestimuleer het (Louw & Louw, 2014:169).

¹⁹ Schaefer en Drewes in (Drewes, 2009) beklemtoon die belangrikheid van kinderspel: "Play has been observed in virtually every culture since the beginning of recorded history. It is inextricably linked to hoe the culture develops poetry, music, dance, philosophy, social structures—all linked through the society's view of play ... Play is not only central but critical to childhood development" (Drewes, 2009:3; VanFleet *et al.*, 2010:6). Wanneer die kinderspel dan gekombineer word met terapie, sluit dit die deelname van 'n volwassene in, met die doel om deur interpersoonlike prosesse vir die kind bystand te bied tot optimale groei en ontwikkeling (Baggerly, J. in Drewes, 2009:97). Ook die toespitsing van *Cognitive Behavioural Play Therapy* is spesifiek ontwerp vir die toepassing op klein kinders tussen die ouderdom van drie en agt jaar oud (Knell, S.M. in Drewes, 2009:117).

Vygotsky verskil ook van Piaget ten opsigte van kinders se ontwikkeling van taal en gedagtes. Waar Piaget glo dat kognitiewe ontwikkeling taal voorafgaan, glo Vygotsky dat taal elke aspek van kinders se gedagtes reguleer, maar dat taal (language) nie met gesproke taal (speech) verwar moet word nie. Daarom dat Piaget kinders wat met selfgesprek (*self-talk*) besig is wanneer hulle speel as egosentries getipeer het, terwyl Vygotsky dit eerder as privaatgesprek (*private speech*), wat kinders in hulle kognitiewe ontwikkeling gebruik, bestempel.

Hierdie privaatgesprek dien as 'n nabootsing van vorige opdragte wat deur volwassenes gegee is. Kinders praat hardop, om hulleself tot die korrekte gedrag aan te spoor. Sodra kinders bekwaam genoeg in hulle ontwikkeling raak om gedrag en gedagtes sonder ouertoesig te kan beheer (tipies op die ouderdom van ses of sewe), verander hierdie privaatgesprek na binnepraat (*inner speech*). Dit is wanneer kinders die vermoë ontwikkel om die gesprekke waarmee die volwassenes hulle begelei het, te internaliseer en te integreer (Shaffer & Kipp, 2010:289-290; Louw & Louw, 2014:168-169; Weiten, 2014:442). Deur aan hulle kinders se kognitiewe ontwikkeling deel te neem, help ouers hulle kinders dus om hulle eie logiese denke te ontwikkel.

4.1.4 Erickson

Erickson, een van Freud se studente, glo ook dat kinders 'n aktiewe rol in hulle poging om by hulle omgewing aan te pas, speel. Daarom is die psigososiale teorie, wat die mens se lewensontwikkeling in agt stadia opdeel, deur Erickson ontwikkel. In hierdie teorie het Erickson uitdagingsmylpale identifiseer (sien tabel 1 hieronder), wat mense in elke stadium moet bereik, voordat hulle die volgende

stadium kan betree. Indien die persoon na 'n volgende stadium oorskuif sonder om die bepaalde uitdaging te bemeester, sal die persoon se ontwikkeling negatief beïnvloed word en sal die persoon nie daaropvolgende mylpale kan bereik nie. (Shaffer & Kipp, 2010:44-46; Louw & Louw, 2014:22-23).

Tabel 1 - Erickson se agt psigologiese stadia van ontwikkeling by die mens

PSIGOSOSIALE STADIUM	OUDERDOM	BASIESE UITDAGING WAT ONTWIKKEL MOET WORD
Vertroue vs. wantroue	0-1 jaar	Besef wêreld rondom is veilig en goed
Outonomie vs. twyfel	1-3 jaar	Besef van onafhanklikheid wat besluite kan maak
Inisiatief vs. skaamte	3-6 jaar	Probeer nuwe dinge en hanteer mislukking
Industrie vs. minderwaardigheid	6 jaar - Adolessent	Leer basiese vaardighede en samewerking met ander
Identiteit vs. verwarring	Adolessent	Ontwikkel 'n behoudende geïntegreerde sin van jouself
Intimiteit vs. isolasie	Jong volwassene	Verbind jouself aan liefdesverhouding
Genererend vs. stagnasie	Middeljarige volwassene	Dra by tot jonger mense se lewens en ander gemeenskapswerk
Integriteit vs. wanhoop	Laat volwassene	Kyk met tevredenheid terug na eie lewe

Die grootste punte van kritiek teen Erickson se teorie, is dat hierdie teorie deskriptief en vaag is en grondige empiriese navorsing kortkom. Dit laat hierdie teorie subjektief en onakkuraat. Tog bied Erickson se teorie 'n oorsigbeeld van die mens se persoonlikheidsontwikkeling, waarvan ouers die kernelemente in hulle bydrae tot kinders se ontwikkeling kan gebruik.

Verder spreek Erickson se teorie wel tot kinders se geloofsontwikkeling in die sin dat wanneer hulle gesonde psigososiale ontwikkeling ondergaan, die weg vir 'n gesonde verhouding met God voorberei word. Wanneer vertroue, outonomie, inisiatief en waardigheid by kinders ontwikkel het, is dit vir hulle makliker om 'n gesonde konsep van God te vorm. So ondersteun Erickson se psigososiale stadia die Christelike konsepte van hoop, menslike wil en doel by kinders onder sewe (vgl.

Tabel 1 hierbo):

Die pasgebore kind (0-1 jaar) kan nie later in sy lewe sy *hoop* in Jesus stel as hy nog nie van *vertroue* geleer het nie; die kind tussen 1 en 3 jaar kan nie sy *wil* ondergeskik aan God stel, as hy nog nie *sy eie wil ontdek* het nie; die kleuter van 3 tot 6 jaar sal nie kan besef dat God 'n *doel* met sy lewe het, as hy nie 'n mate van 'n doel deur *eie inisiatief* beleef het nie (Myers, 2009:40-41).

4.1.5 Die vroeë-kinderjare fase en abstrakte denke

Van die sielkundiges wat hierbo hanteer is, is dit net Piaget wat die bewering dat kinders in die vroeë-kinderjare fase nie abstrak kan dink nie, maak. Trouens al drie die ander sielkundiges se teorieë verskil in hierdie opsig van Piaget se teorie. Fowler beweer kinders is met 'n gereedheid vir die geloof gebore; Vygotsky glo dat die abstraktheid van taal reeds met geboorte by kinders teenwoordig is; en Erickson stel dat kinders van geboorte alreeds 'n strewe na outonomie het en met komplekse uitdagings en besluite worstel. Dit is selfs duidelik vanuit Piaget se teorie dat kinders wel tot 'n mate abstrak kan dink, aangesien kinders in die pre-operasionele fase in staat is om woorde te gebruik om na objekte te verwys, asook om denkbeeldige emosies aan objekte soos speelpoppe te koppel. As 'n mens

Piaget dus buite die geheel van kinders se ontwikkeling gebruik, kan daar verkeerdlik tot die gevolgtrekking gekom word dat voorskoolse kinders nie abstrak kan dink nie en daarom nie gereed vir geloofskonsepte en –vorming is nie²⁰.

4.2 Die verhouding tussen Godsdienste en spiritualiteit

Alhoewel die meerderheid van sielkundige handboeke nalaat om dit te bespreek (Louw & Louw, 2014:10), is daar tog sielkundiges wat van mening is dat godsdienste en spiritualiteit 'n geweldige groot impak op die kind se ontwikkeling kan hê. Wat die verhouding tussen godsdienste en spiritualiteit betref, bestaan daar egter geen eenvormige antwoord in die sielkunde nie (Giesenberg, 2007:10-25). Daar is wel 'n algemene ooreenstemming dat spiritualiteit en godsdienste in 'n sekere verhouding tot mekaar staan, al is 'n geestelike mens nie noodwendig godsdienstig nie (Giesenberg, 2007:10-11). Om die rede stel Giesenberg (2007:25-28) voor dat hierdie teorieë gekombineer word om 'n holistiese beeld van die mens te kry, waar die spirituele die kern van die mens se bestaan vorm, en geloof/godsdienste slegs 'n segment van die mens se bestaan vorm (vgl. Myers, 2009:130). Hierdie spiritualiteit is sinoniem met die mens se wêreldbeskouing en word (Giesenberg, 2007:32) by klein kinders in alles wat hulle doen en sê uitgedruk, of dit nou in kinderspel of in 'n kunswerk is – kinders lewe hulle spiritualiteit as deel van hulle wese uit. Spiritualiteit in kinders kan daarom soos volg gedefinieer word:

²⁰ Die ontwikkelingsteorieë van die kind se ontwikkeling is nuttig en handig – dit wys verskillende aspekte van die ontwikkeling uit (Louw & Louw, 2014:16). Dit dien as indikasie om vas te stel of die kind volgens algemene norme ontwikkel en stel vas of die kind gereed vir nuwe fases, byvoorbeeld om skool toe te gaan, is (Louw & Louw, 2014:7). Die voordeel van die sielkundige teorieë is dat dit die kind se ontwikkeling kan beskryf, maar wat geloofsvorming aanbetref, kan die sielkunde nie die Bybel se plek inneem en voorskryf hoe die kind se geloofsvorming en geloofsgroei behoort te wees nie (Myers, 2009:13).

Spirituality is an innate part of a person. It is an awareness or consciousness of the surrounding world, a sense of compassion and love towards this world and anything in it shown through wonder and through activities and relationship with peers and significant adults in the child's life

(Giesenberg, 2007:256).

4.3 Waaron geloofsvorming & geloofsverdediging by die kind onder sewe nodig is

In die Christelike geloof oorleuel geestelike ontwikkeling met geloofsvorming omdat geestelikheid vir Christene alle aspekte van hulle lewe insluit en behoort in te sluit, selfs sodanig dat geestelikheid as 'n religieuse karakter-eienskap beskou kan word (Giesenberg, 2007:29, 32, 133-134; Myers, 2009:44).

Giesenberg (2007:134, 259) wys daarop dat voorskoolse kinders 'n sterk konsep van God het, maar dat kinders van nature 'n meer neutrale gevoel oor God het en nie noodwendig 'n lewende verhouding met Hom het nie. Om die rede behoort Christen-kinders se geestelike ontwikkeling 'n bewuste verhouding met God, in Jesus Christus, deur die Heilige Gees, binne die gemeenskap van gelowiges wat hierdie verhouding koester, in te sluit, asook insig in en reaksie teenoor hierdie verhouding. Kinders in die ouderdomsgroep drie tot vyf jaar vra van alle ouderdomme die meeste vrae oor God. Dit blyk selfs dat kinders 'n ingebore aanvoeling van God se bestaan het, maar gedurende kleintyd nog nie mooi weet hoe om hulleself uit te druk nie.

Dit is noodsaaklik dat die ouers en opvoeders van voorskoolse kinders aktief tot hulle geloofsvorming bydra, sodat Christen-kindere in hulle groei in geloof en vrae oor God, nie antwoorde van ander wêreldbeelde kry en nominale Christene word nie (Myers, 2009:34). Wanneer ouers en opvoeders kinders se geloofsvorming, -insig en selfs -verdediging begelei, stel dit kinders in staat om hulleself teen ander wêreldbeelde te verantwoord en bied dit 'n korrektief op nominale Christenwees.

4.4 Hoe geloofsvorming & geloofsverdediging by kinders onder sewe plaasvind

Geloofsvorming, -insig, -verantwoording en die verdediging daarvan, is by voorskoolse kinders slegs moontlik as dit deur opvoeders, veral deur die ouers wat 'n veilige omgewing bied, aangewakker en gekoester word. Blootstelling aan ander sosiale strukture, soos kerkgemeenskappe, kan gekontroleerd tot kinders se geloofsvorming en -verdediging meewerk (vgl. Giesenberg, 2007:259; Myers, 2009:46-47). Om die rede moet ouers en opvoeders geleenthede bied waar geestelike groei en geloofsontwikkeling uitgeleef kan word.

Dit is belangrik dat ouers en ander opvoeders die geloofslewe modelleer, sodat die kinders dit kan naboots (Myers, 2009:56). Verder kan geleenthede waar kinders die lewe se stilte kan ervaar, die Skepper se pragtige natuur kan waarneem, na storieboeke kan luister²¹, in herinneringe kan deel, en van liefde teenoor God en teenoor ander kan leer, ook wanneer hulle in ander se lewens betrokke is, geskep word. Al hierdie dinge is slegs moontlik wanneer ouers en opvoeders tyd daarvoor maak en indien kinders nie voortdurend in die besige lewe aangejaag word nie.

²¹ Ditchfield (2003) se boek *A family guide to Narnia: biblical truths in C.S. Lewis's The Chronicles of Narnia* bied wonderlike geleenthede wat saam met C.S. Lewis se *Chronicles of Narnia* gelees kan word waarby Christelike waarhede by elke hoofstuk vir die kind gelees en verduidelik word.

Christen-ouers moet die taak opneem om kinders in 'n lewenslange proses van geestelike ontwikkeling in hulle verhouding met God te begelei (Giesenberg, 2007:262; Myers, 2009:109).

5. APOLOGETIESE RIGLYNE VANUIT DIE CHRISTELIKE WÊRELDBESKOUIING, OM GELOOFVORMING EN GELOOFSVERDEDIGING BY KINDERS ONDER SEWE TE BEVORDER

Aangesien daar reeds vasgestel is dat kinders onder sewe groot (selfs die meeste) belangstelling in God toon, dat kinders hulle spiritualiteit juis ook binne die wêreldbekouing wat hulle vorm, uitleef en dat hulle oor die vermoë om aktief in hulle verstaan van en verhouding met God deel te neem, beskik, is dit verder nodig om vanuit 'n apologetiese hoek,²² binne die raamwerk van 'n Christelike wêreldbekouing, vir Christen-ouers riglyne te bied om geloofsvorming en geloofsverdediging by kinders onder sewe te bevorder. Eerstens is dit nodig dat ouers hulle geloof moet uitleef, om 'n verhouding met God en 'n Christelike wêreldbeeld te modelleer. Tweedens moet ouers vir hulle kinders beginsels, wat hulle in staat stel om hulle geloof teenoor ander wêreldbekouings te kan verdedig, leer en verder moet ouers aangespoor word om geloofsgesprekke voortdurend te stimuleer.

²² Die navorser gaan van die oortuiging uit dat Apologetiek vanuit die gereformeerde beskouing slegs vanuit die uitgangspunt wat op die voorveronderstellings-apologetiek (*presuppositional apologetics*) berus, beoefen behoort te word. Die basiese uitgangspunt van die voorveronderstellings-apologetiek is dat die Skrif alleen deur die leiding van die Heilige Gees, die mens van die Christelike geloof kan oortuig en dat die mens slegs so tot geloof kan kom. Tog is daar binne hierdie uitgangspunt steeds ruimte om van verskillende metodes vanuit ander apologetiese oortuigings, gebruik te maak. Metodes vanuit die bewysstuk-apologetiek (*evidential apologetics*), kan byvoorbeeld gebruik word, sonder om die uitgangspunt van voorveronderstellings-apologetiek prys te gee. Stoker noem dit die Redevoerings-reformatoriese apologetiek (Stoker, 2017:58).

5.1 Ouers moet hul geloof uitleef

Dit is duidelik dat kinders se geloofsvorming en -groei grootliks deur die ouers beïnvloed word. Navorsing in die sielkunde het ook ontdek dat kinders baie dikwels deur observasie en nabootsing van die ouers²³ leer. Daar is ook bevind dat herinneringe wat deur die ouers en breë huisgesin geskep word 'n groot rol speel – nie net in die kind se leer- en ontwikkelingsproses nie, maar dit kan ook 'n enorme bydra tot die kind se geloofsvorming en geloofsverdediging²⁴ lewer. Om die rede is dit krities belangrik dat ouers hulle geloof self aktief en getrou uitleef, voordat hulle tot die kind se geloofsvorming kan bydra. Die HK spoor dan ook alle gelowiges aan om hulle kinders vir Christus te wen, wanneer antwoord op die vraag waarom Christene nog moet aanhou om goeie werke te doen, gegee word (Ursinus & Olevianus, 1563:58):

Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry *en ons deur die godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen.*

²³ Navorsing deur Albert Bandura (hy is vir die sosiaal-kognitiewe teorie bekend) het getoon dat kinders ander mense volgens sekere verwagtings, gevolge, en verwagte uitkomst wat hulle het, naboots en dat hulle die vermoë het om te kies wie hulle wil naboots (Louw & Louw, 2014:24).

²⁴ Hierdie navorsing het aangetoon dat implisiete herinneringe in 'n kind se gedagtes neergelê word, nog voordat hy of sy taal bemeester het. Hierdie implisiete herinneringe bevat emosionele inhoud wat abstrakte konsepte soos liefde, bewondering, en verbasing insluit. Selfs al kan die kind dit nog nie ten volle begryp nie, word dit in die geheue gestoor, sodat dit weer herroep en herleef kan word wanneer 'n soortgelyke emosie die kind se pad kruis. Sodra die herinnering herroep word en die kind dit begryp, word hierdie implisiete herinnering 'n eksplisiete herinnering, wat tot die kind se geloofsvorming en geloofsverdediging kan bydra (Morgenthaler et al., 2014).

(Sondag 32:86 - kursief vir beklemtoning).

Ouers se leefwyse dra na hulle kinders oor en beïnvloed hulle kinders se verhouding met God deur Christus. Kinders volg gewoonlik die voorbeeld van 'n geloofslewe wat hulle van hulle ouers ontvang het. So merk Strommen and Hardel (2008) op dat een van die redes (wel nie die enigste nie) waarom nominale Christene so sterk in die Christendom teenwoordig is en waarom Christen-kinders hulle rûe op die Christendom draai, is juis dat die ouers nie meer die geloofsoortuigings uitleef en só oordra nie (Strommen & Hardel, 2008:16)²⁵.

Deur woord en voorbeeld, behoort ouers bewustelik en aktief die Christelike wêreldbeskouing van kleins af by hulle kinders te vestig en te versterk, veral ook as hulle as Christene bely dat dit God is wat hierdie kinders aan hulle toevertrou het. Verder is die gesinsverhoudinge, spesifiek die verhouding tussen ouers en kinders, maar ook in die res van die gesin, nie net vir kinders se geloofsvorming en -groei van onskatbare belang nie; dit is ook die enkele faktor wat die grootste effek op gesinne se gelukkigheid en sekerheid het²⁶.

In hierdie verband bied Deuteronomium 6:1-9 vir gelowiges 'n rykdom kennis, beginsels en praktiese aansporings vir die uitlewing en oordra van die geloof binne

²⁵ In 'n studie wat in 1980 met agtduisend adolessente wie se ouers op daardie stadium in elf verskillende denominasies van beide Protestante en Katolieke groepe was, gedoen is, is getoon dat God, die Bybel en godsdienstige gesprekke slegs in 10% van die huise gereeld bespreek is en dat 43% van die totale groep nooit oor geloof praat nie. In 1990 is 'n soortgelyke studie vanuit ses Protestante groepe gedoen. Slegs 9% van die groep het gesê dat daar gereeld huisgodsdienste in die huis gehou word, terwyl 64% gesê het dat hulle baie selde huisgodsdienste hou. Wat geloofsgesprekke met die ouers betref, het 35% van die tieners tussen die ouderdomme van sestien en agtien jaar aangedui dat hulle baie selde met hulle ma oor geloof praat, terwyl 56% gerapporteer het dat hulle nooit met hulle pa oor geloof praat nie (Strommen & Hardel, 2008:16-17).

²⁶ In 1994 is 'n studie wat ongeveer dertienduisend gesinne betrek het en vierduisend faktore geëvalueer is, gedoen. Die uitkoms van hierdie studie het getoon dat gesinsverhoudinge die grootste effek op die gesin se gelukkigheid het, ongeag die gesinstruktuur, inkomste of agtergrond (Strommen & Hardel, 2008:37).

die huisgesin²⁷. Die boek Deuteronomium kan as die praktiese uitbreiding van die Tien Gebooue, waarin Moses God se liefde as beginsel vir die uitlewing van die geloof vaslê, om die volk op te wek om as gelowiges te leef, beskryf word. Deuteronomium 6 is 'n uitbreiding van die eerste gebod, dat die volk sal weet hoe God gedien en aanbid wil word, sodat hulle in die regte (verbonds-) verhouding met Hom kan staan.

Verse 1-3 spoor die volk aan om hierdie gebod te hou, terwyl verse 4-5 beskryf hoe die kern van die eerste gebod oor God se wese gaan. Dat Hy 'n enige HERE is, bepaal nie net gelowiges se verhouding met Hom nie, maar kinders se verstaan van die wêreld vloei ook daaruit. Om die rede gee verse 6-9 vir ouers praktiese beginsels vir die regte uitlewing van die geloof. Terwyl ouers die HERE liefhet met hart, siel, en krag, moet God se Woord in ouers se hart wees, moet dit sorgvuldig, voortdurend, en by wyse van herhaling by die kinders ingeskerp word en moet daar ten alle tye daarvoor gepraat word, of hulle nou sit, of op reis is, wanneer hulle opstaan, of gaan slaap. Verse 8-9 beklemtoon dat die Woord só van hulle daaglikse doen en late deel moet vorm, dat hulle voortdurend en op elke lewensterrein daartoe konformeer en hulle lewens daardeur gevorm word (Dillard & Longman, 1994; Waltke & Yu, 2007; Hays & Duvall, 2011; Helberg, 2011).

5.2 Leer die Christelike wêreldbeeld aan kinders en verkondig die evangelie

In Matteus 28 wat ook bekendstaan as die *Groot opdrag*, beveel Jesus gelowiges om dissipels te maak, wat insluit dat die navolger se hele uitkyk en leefwyse

²⁷ Vgl. veral ook Psalm 78.

daarvolgens moet verander. Die proses van dissipel-maak sluit in²⁸ dat nuwe gelowiges op 'n voorgaande wyse van alles wat Christus beveel en geleer het, geleer word. Ouers moet hulle kinders as “nuwe gelowiges” op 'n kontinue basis leer om dissipels van die Here te wees, om insig in die Christelike leer²⁹ te hê en wat die wêreldbeskouing wat daaruit vloei, behels. Al kan kinders onder die ouderdom van sewe nog nie al die leerstukke van die geloof in detail verstaan nie, is dit juis noodsaaklik dat die ouers die beginsels van die Christelike wêreldbeskouing vaslê, aangesien kernaspekte van die ontwikkeling van 'n wêreldbeskouing onder sewe jaar plaasvind. Alle wêreldbeskouings, en dus ook die Christendom, dink na en bied antwoorde op die mees fundamentele aspekte oor God, mens en wêreld. Hierdie kernvrae kan soos volg uiteengesit word (Sire, 1997:23):

- 1) Wie God is en wat Hy doen (sluit die Drie-eenheid in).
- 2) Wie die mens is en wat hy doen (sluit die sondeval in).
- 3) Wat natuur is en wat dit behels (sluit wetenskap in).
- 4) Vrae oor die lewe in die toekoms, na die dood (eskatologie).
- 5) Vrae oor die lewe in die hede (sluit etiek en bybelkennis in).
- 6) Vrae oor die lewe in die verlede (sluit geskiedenis en verbondsgeskiedenis in).

²⁸ Let daarop dat die enigste hoofwerkwoord in hierdie “Groot opdrag” soos dit in die Grieks staan, is *μαθητευσατε* (julle moet dissipels maak). Die ander twee werkwoorde (doop hulle & leer hulle) is partisipijs wat bywoordelik funksioneer as uitbreiding op die hoofwerkwoord. Daarom funksioneer hierdie twee bywoordelike werkwoorde as 'n verdere beskrywing van dissipels-maak.

²⁹ Die gereformeerde Christelike leer word saamgevat in die ekumeniese belydenisgeskrifte (Die Apostoliese geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicéa, die geloofsbelydenis van Atanasius) en Die drie formuliere van eenheid (Nederlandse geloofsbelydenis, die Heidelbergse kategismus, die Dordtse leerreëls).

7) Godsdienste (sluit ander wêreldbeskouings in).

Byna alle Apologetiek-boeke behandel lewensvrae wat onder hierdie sewe aspekte gekategoriseer kan word³⁰. Elkeen wat by die opgroei van klein kindertjies betrokke is, moet dus bewustelik in gesprekke aan al hierdie aspekte aandag gee en dit moet ook só deur hulle uitgeleef word, dat dit nie 'n teenstrydigheid by die kinders skep nie.³¹ So kan en behoort kinders van kleins af te ervaar dat en hoe die Bybelse leer en Christelike wêreldbeskouing op al hierdie lewensvrae bevredigende antwoorde bied³².

5.3 Leer en begelei hulle om die geloof teenoor ander godsdienste (wêreldbeelde) te verdedig

Die Bybel is baie duidelik daaroor dat daar van gelowiges verwag word om altyd bereid en gereed te wees om antwoorde te gee en so van die hoop wat in hulle is te getuig (1 Pet. 3:15). Ook die Dordtse leerreëls getuig hiervan, wanneer ongelowiges en gelowiges teenoor mekaar gestel word (Sinode van Dordrecht, 1618:100-101):

Die sondige natuur verstaan hierdie leer nie, die Satan haat dit, die wêreld bespot dit, onkundiges en huigelaars misbruik dit en

³⁰ Crain (2016) se boek *Keeping your kids on God's side* is omvattend en bied uitstekende maniere hoe om die lewensvrae eenvoudig binne hierdie kategorieë aan kinders te verduidelik, asook hoe om hierdie gesprekke met kinders aan te knoop.

³¹ Die Dordtse leerreëls (Sinode van Dordrecht, 1618:99-100) leer dat God Sy genadewerk in die mens bewaar, voortsit, en voleindig wanneer die evangelie aangehoor, gelees, en oordink word, asook deur die gebruik van die sakramente (Dordtse leerreëls 5:14).

³² McDowell and Bellis (2006:89-96) stel voor dat daar van die Griekse Hellenistiese metode van leer, waar die leermeester (of ouer) bloot op logiese en rasonale wyse kennis oordra, wat leerders dan in die verstand moet vasknoop, wegbeweeg word. Hierdie metode moet met 'n Hebreeuse model vervang word, omdat die Hebreeuse model nie net feite wil deurgee nie, maar daarop gefokus is dat kennis die hart sal verander, sodat die kennis uitgeleef sal word. Die Hebreeuse model is op die Joodse viering van die Pasga gebaseer, waar elke huisgesin jaarliks hierdie ritueel aan hulle kinders wys, terwyl die hele gesin (leermeester en leerders) aan die ritueel deelneem. Sodoende word daar nie net op die geloofsleer oor God gefokus nie, maar word die kinders geleidelik deur konstante begeleiding deur die ouers, verander.

dwaalgeeste bestry dit. Die Bruid van Christus het dit egter altyd as 'n skat van onberekenbare waarde innig liefgehad *en dit volhardend verdedig*

(Dordtse leerreëls 5:15 - kursief vir beklemtoning).

As die Bybel gelowiges aanspoor om altyd gereed te wees om die geloof te verdedig en om die goeie stryd in die geloof te stry (1 Tim. 6:12), en dat hierdie stryd 'n geestelike stryd is (2 Kor. 10:3-4; Ef. 6:12) teen die Satan en ongelowiges wat hierdie Christelike leer haat, is dit voor die hand liggend dat Christen-kindere van jongs af reeds die aansprake van ander wêreldbeskouings sal moet hanteer. Daarom is dit belangrik dat kindere reeds van kleins af begelei moet word om hulle geloof teenoor ander beskouings en godsdienste te verduidelik en te verdedig. Wanneer kindere met vrae en aansprake vanuit ander wêreldbeelde gekonfronteer word, moet ouers in staat wees om op hulle vlak, antwoorde vanuit die Christelike wêreldbeeld te gee.

5.4 Stimuleer geloofsgesprekke voortdurend

Paulus beveel vir Timoteus: “verkondig die woord; *hou aan tydig en ontydig*; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering” (2 Tim. 4:2 – *kursief vir beklemtoning*). Voorskoolse kindere worstel al met diep geloofsvrae. Vrae oor waar God vandaan kom en hoe Hy ewig kan wees, word al deur tweejarige gevra. Deur die media en in kleuterskole word hulle ook met ander beskouings gekonfronteer en dit los hulle met vrae. Selfs op so 'n vroeë ouderdom, beland hulle in situasies waarin hulle nie weet hoe om op te tree, of hoe om te reageer nie. As die ouers en opvoeders voortdurend geloofsgesprekke ontlok en stimuleer, kan hierdie situasies

tot voordeel van die kind se geloofsvorming, maar veral ook as geleentehede waarin Christen kinders hulle geloof kan verdedig en selfs vir ander kinders insig en antwoorde gee, gebruik word.

Geisler and Geisler (2009) stel 'n metode wat ouers en opvoeders kan gebruik om voortdurende geloofsgesprekke moontlik te maak, voor. Hierdie metode, wat as gesprekstyl-evangelisasie bekendstaan, kan gebruik word om hindernisse wat verhinder dat die Christelike waarheid gehoor word, te verwyder (Geisler & Geisler, 2009:36, 32, 124). Die metode sluit basies vier tipes gesprekke, wat ouers op 'n deurlopende basis met hulle kinders kan hou, in, naamlik luistergesprekke, beligtingsgesprekke, onthullende gesprekke, en brugbougesprekke (Geisler & Geisler, 2009:32-33).

Baie van hierdie gesprekke ontstaan spontaan, soos kinders probeer om sin te maak uit wat hulle hoor en ervaar. Tydens hierdie gesprekke moet ouers leer om aktief te luister, terwyl vrae gevra word wat die kinders begelei om op grond van wat hulle reeds geleer het en weet, die Christelike God- en wêreldbeskoulike waarhede self te ontdek en toe te pas. So kan ouers nie net vasstel watter hindernisse by 'n kind self en/of by die mense met wie hy of sy te doen het, ten opsigte van die inhoud, toepassing en uitlewing van die Christelike evangelie bestaan nie, maar kan daar ook saam 'n wyse waarop die kind dit kan verstaan en oordra (wat vertellings, vrae en selfs verduidelikings insluit) gesoek en gevind word, terwyl gemeenskaplike faktore wat kan dien om 'n brug te bou sodat die

kennis en toepassing van die Christelike geloof ontvanklik oorgedra kan word, gesoek en in ag geneem word (Geisler & Geisler, 2009:38).

6. GEVOLGTREKKING

Die wêreldbeskouing van nominale Christene kan as deïsties beskryf word. Hierdie wêreldbeskouing het stelselmatig 'n al groter verlamende effek, nie net op kerke in Suid-Afrika wat steeds aktief met onaktiewe lede moet funksioneer nie, maar juis ook omdat dit kinders en jongmense 'n verkeerde verstaan wat Christenwees is, gee en so relativisme bevorder.

Die studie het op die vraag of en hoe geloofsvorming en geloofsgroei (met die gepaardgaande insig en etiese uitlewing) by Christen-kindere onder die ouderdom van sewe jaar bevorder kan word, om as 'n korrektief op 'n nominale Christendom te dien, gefokus. Dit het ingehou dat vrae oor waartoe klein kindertjies in staat is en of geestelike opvoeding en begeleiding in hierdie jare as basis ook vir 'n latere insig en uitlewing van 'n Bybel-gefundeerde verhouding tot God, mense en die wêreld sal kan dien, gevra moes word. Die vertrekpunt was dat dit nodig is om die probleem van nominale Christendom reeds by kindere onder sewe jaar te begin aanspreek.

Om hierdie hipotese te toets, was dit onder andere nodig om teorieë en bevindinge van prominente ontwikkelingsielkundiges oor voorskoolse kindere te oorweeg. Die teorieë van Piaget, Fowler, Vygotsky en Erickson is bespreek en die gevolgtrekking is gemaak dat kindere in die vroeë-kinderjare fase nie net ontvanklik vir geloofsvorming is nie, maar veral ook werklike belangstelling daarin toon en daarop ingestel is om sin te maak van hulle wêreld wat geloofsake insluit.

Deurgaans is opgemerk dat ouers meestal die grootste effek op kinders se geloofsvorming en hulle vermoë om dit wat hulle glo te verdedig, het.

Omdat ontwikkelingsteorieë deskriptief van aard is, is die Bybel as kardinale openbaringsbron vir Christene gebruik om riglyne van hoe Christen-kindere se geloofsvorming behoort te wees, te bied. Verder is daar gelet op wat in gereformeerde belydenisskrifte gesê word, aangesien dit op die Bybel gegrond is. Wat uitstaan is die opdrag aan ouers om konsekwent as gelowiges, volgens die Christelike leer te lewe, soveel as moontlik tyd om hulle kinders hierin op te voed en dit by hulle in te skerp, te benut en om sodoende as geestelike mentors vir hulle kinders op te tree. Apologetiese riglyne is vir ouers gebied, om hulle kinders so te begelei dat hulle bevredigend in hulle geloof kan groei en hulle vermoë om hulle geloof op hulle ouderdomsvlak te kan verduidelik en selfs te kan verdedig, te ontwikkel. Op die manier kan die nuwe geslag Christen-jongmense in staat gestel word om die wêreldbeskouing van die nominale Christendom effektief aan te spreek en teë te werk.

AFDELING C: SAMEVATTING

Terwyl 'n baie groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking (86% in die 2015 opname) hulle met die Christelike godsdiens assosieer, is die aanduiding dat minstens 'n derde van hierdie groep dit nie aktief uitlewe nie en dat die persentasie toeneem. Wat die statistiek vanuit 'n Christelike hoek gesien, meer negatief maak, is dat selfs talle Christene wat eredienste bywoon, waaronder veral ook baie jongmense tel, nie 'n basiese Christelik lewens- en wêreldbeskouing het nie, wat hulle vir idees en 'n manier van lewe wat selfs direk teen die Bybelse leer en Christelike etiek ingaan, vatbaar maak. Die godsdiens-onbetrokke-groep word saam met die groep wat nie aan die basiese Christelike leer vashou of dit uitlewe nie, onder die term nominale Christene bespreek, aangesien hulle daarin een is dat hulle leef asof God geen werklike belang in hulle lewe het nie.

Dat statistiek 'n jong generasie Christene as grootliks nominaal uitbeeld, behoort vir die Christendom waarskuwingsligte te laat flikker. Die geweldige effek wat nominale Christene met hulle deïstiese wêreldbeskouing op die Christendom het, word in die feit dat in 'n land soos die VSA wat ook 'n meerderheid Christenbevolking het, ongeveer die helfte van die Christene 'n kernwaarheid van die Christelike geloof bevraagteken, aangesien hulle glo dat Jesus nooit werklik liggaamlik uit die dood opgestaan het nie, uitgewys. Dit beklemtoon die noodsaak dat waar nominale Christene teenwoordig is, daar daadwerklik na 'n oplossing om hierdie invloed tee te werk, gesoek moet word.

Wanneer daar op die wese en geskiedenis van deïsme en van die nominale Christendom ingegaan word, blyk dit duidelik dat laasgenoemde as 'n vorm van deïsme beskryf kan word. Verder is vasgestel hoe die idees wat juis ook onder die huidige generasie jong Christene leef, 'n variasie of uitvloeisel van die oorspronklike deïsme is en dat dit 'n vernietigende invloed op die Christendom het.

Die basis vir nominale-Christenwees word dikwels reeds kleintyd in die ouerhuis gelê. Om die rede gaan hierdie navorsing van die vertrekpunt af uit dat nominale Christendom ook aangespreek behoort te word, deur op geloofsgroei by voorskoolse kinders, asook hulle vermoë om hulle geloof op hulle ouderdomsvlak te kan verduidelik en te verdedig, te fokus. Daardeur kan die nominale Christendom ingeperk en selfs geneutraliseer word.

Om te verstaan waartoe kinders in die ouderdomsgroep 2 tot 6 jaar in staat is en so vas te stel of hierdie kinders wel oor die vermoë tot geloofsontwikkeling en geloofsverdediging beskik, is daar op prominente sielkundige teorieë, wat die kognitiewe ontwikkeling by kinders in hulle vroeë-kinderjare fase ondersoek, ingegaan. By al vier teorieë waarop ingegaan is, is dit net Piaget wat beweer dat kinders tussen twee en ses nie op 'n kognitiewe vlak is om oor godsdienstige sake begrip te hê nie, omdat hulle volgens sy bevindinge nie abstrak kan dink nie. Daar is wel vasgestel dat hoewel Piaget van die ander teorieë verskil, ook sy teorie vir kinders ruimte laat om abstrak te kan dink, wanneer dit onder andere die taalvermoë van kinders beskryf.

Verdere navorsing waarop ingegaan is, toon aan dat kinders 'n ingebore ontvanklikheid vir geloofsake het en dat kinders hulle spiritualiteit (of wêreldbeskouing) as deel van hulle daaglikse lewe uitleef. Omdat hierdie geestelike ontwikkeling met kinders se geloofsvorming oorvleuel en kinders se geloofsvorming as't ware die heersende rol inneem en geloofsvorming en verdediging nodig het om aangewakker en gekoester te word, is dit vir ouers van grootste belang om hulle primêre rol te verstaan en aktief tot hulle kinders se geloofsvorming en geloofsverdediging by te dra.

Met die ontwikkelingsteorieë se deskriptiewe verstaan van die vroeë-kinderjare as agtergrond, is enkele preskriptiewe riglyne oor geloofsvorming uit die Bybel as kardinale openbaringsbron in die Christendom nagegaan. Dele uit gereformeerde belydenisskrifte is daarmee saam ondersoek en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat dit nie net vir kinders wat in Christen-huise grootword belangrik is om in die Christelike geloofsleer te glo nie, maar ook dat hulle op 'n bevatlike manier in staat gestel word om te weet waarom hulle hierdie leer glo, sodat hulle hul geloof kan verdedig, dit kan uitleef en daarin kan groei.

Om Christen-ouers in hulle geloofs-opvoedingstaak by te staan, is enkele apologetiese riglyne, wat op kernaspekte van God-, mens- en wêreldbeskouing fokus, kortliks uiteengesit . Deur dit as basis te gebruik, kan ouers hulle voorskoolse kinders begelei om sodanig in hulle geloof en insig daarin te groei, dat hulle ook die vermoë sal hê om hulle geloof op hulle vlak te verdedig. Juis omdat kinders deur observasie en nabootsing van hulle ouers leer, word dit beklemtoon

dat ouers hulle geloof ook self moet uitleef, om hulle kinders daardeur van die toepassing van 'n Christelike wêreldbeeld te leer. Om beginsels hiervoor neer te lê, is daar spesifiek na Deuteronomium 6, sowel as die Heidelbergse Kategismus verwys. Daarna is daar na die groot opdrag in Matteus 28 gekyk en uitgewys hoe ouers deur sewe wêreldbeskoulige vrae, waaroor byna alle Apologetiek boeke handel, die Christelike wêreldbeeld en evangelie pertinent aan hul kinders kan verkondig. Terwyl ouers hul geloof uitleef en die Christelike wêreldbeskouing deurentyd aan hulle kinders oordra en leer, kan ouers hul kinders effektief begelei om die geloof teenoor ander godsdienste en wêreldbeskouinge te verdedig.

Om dit te beklemtoon word daar veral na verskeie teksgedeeltes, sowel as vermanings in die Dordtse leerreëls verwys. Die studie word afgesluit deur 'n laaste riglyn wat die belangrikheid dat ouers voortdurende geloofsgesprekke met hulle kinders moet stimuleer om hulle sodoende in hul daaglikse uitdagings met ander wêreldbeskouings te begelei, benadruk. Hiervoor word gesprekstyl-evangelisasie voorgestel.

BRONNELYS

Barna, G. 1998. *The second coming of the church: a blueprint for survival*. Nashville: Word.

Barna, G. 2003. *Transforming children into spiritual champions*. CA : Regal.

Barna, G. & Kinnaman, D. 2014. *Churchless*. IL : Tyndale House.

Brooke, J.H. 1991. *Science and religion : some historical perspectives*. Cambridge University.

Craig, W.L. 2008. *Reasonable faith : Christian truth and apologetics*. 3rd ed. Wheaton, IL : Crossway.

Crain, N. 2016. *Keeping your kids on God's side*. Eugene, OR : Harvest House.

De Bres, G. 1561. *Nederlandse geloofsbelydenis*. (*In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. 2003. Psalmboek : die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington: N.G. Kerk-uitgewers. bl. 3-32.).

De Klerk, B.J. & Van Helden, P. 2011. *Oorsake van kerkkrimpings binne die tradisioneel Afrikaanssprekende gereformeerde kerke in Suid-Afrika : original research*. *Verbum et Ecclesia*(1):1.

Dillard, R.B. & Longman, T. 1994. *An introduction to the Old Testament*. Grand Rapids, MI : Zondervan.

Ditchfield, C. 2003. *A family guide to Narnia: biblical truths in C.S. Lewis's The Chronicles of Narnia*. Wheaton, IL : Crossway.

Drewes, A.A. 2009. *Blending play therapy with cognitive behavioral therapy : evidence-based and other effective treatments and techniques*. Hoboken, NJ : John Wiley.

Estep, J.R., Jr. & Kim, J.H. 2010. *Christian formation: integrating theology and human development*. Nashville: B&H Academic.

Frame, J.M. 1999. *Perspectives on the word of God : an introduction to Christian ethics*. Eugene, OR : Wipf and Stock.

- Frame, J.M. 2008. The doctrine of the Christian life. Phillipsburg, NJ : P & R.
- Frame, J.M. & Torres, J.E. 2015. Apologetics : a justification of Christian belief. 2nd ed. Phillipsburg, NJ : P & R.
- Geisler, N. & Geisler, D. 2009. Conversational Evangelism. OR : Harvest House.
- Geisler, N.L. 2001. Unshakable foundations. Minneapolis, MN . : Bethany House.
- Geisler, N.L. 2013. Christian apologetics. 2nd ed. Grand Rapids, MI : Baker Academic.
- Geisler, N.L. & Brooks, R.M. 1990. Come, let us reason : an introduction to logical thinking. Grand Rapids, MI : Baker House.
- Giesenberg, A. 2007. The phenomenon of preschool children's spirituality. Queensland University of Technology.
- Groeschel, C. 2010. The Christian atheist : believing in God but living as if he doesn't exist. Grand Rapids, MI : Zondervan.
- Groothuis, D.R. 2011. Christian apologetics : a comprehensive case for biblical faith. Downers Grove, IL : IVP Academic ; Nottingham, England : Apollos.
- Hays, J.D. & Duvall, J.S. 2011. The Baker illustrated Bible handbook. Grand Rapids, MI : Baker.
- Helberg, J.L. 2011. Die Here regeer : openbaringslyn deur die Ou Testament. Hers. uitg. Pretoria : V&R Drukkery.
- Hillerbrand, H.J. 2008. The decline and fall of the true Christian church: the English Deist view. *Zeitschrift für Religions- und Geistesgeschichte*, 60(2):97-110.
- Horton, M.S. 2012. Christless Christianity : the alternative gospel of the American church: Grand Rapids, MI : Baker.
- Jenkins, P. 2011. The next christendom : the coming of global Christianity. 3rd ed. NY : Oxford University.

- Klink, J.L. 1970. Kind en geloof : een kleine theologie voor ouders. Bilthoven : Amboboeken.
- Lakies, C. 2013. Candy machine God, or, going to church without going to church: millennials and the future of the Christian faith. *Missio apostolica*, 21(1):14-30.
- Lewis, C.S. 2012. The complete C. S. Lewis signature classics: mere christianity. [London] : Collins.
- Louw, D.A. & Louw, A.E. 2014. Child and adolescent development. 2nd ed. Bloemfontein, South Africa : Psychology.
- McDowell, J. & Bellis, D.H. 2006. The last Christian generation. Holiday, FL : Green Key.
- Morgenthaler, S.K., Keiser, J.B. & Larson, M.L. 2014. Nurturing the infant soul: the importance of community and memories in the spiritual formation of young children. *Christian Education Journal*, 11(2):244-258.
- Myers, J.E. 2009. Children's Spiritual Development: Analysis of Program Practices and Recommendations for Early Childhood Professionals. (Thesis or Dissertation).
- Nolte, R. 2013. Nominal Christianity. IN: Bestbow.
- Oliphint, K.S. 2013. Covenantal apologetics : principles and practice in defense of our faith: Wheaton, IL : Crossway.
- Shaffer, D.R. & Kipp, K. 2010. Developmental psychology : childhood and adolescence. 8th ed. Int. ed. Australia ; UK : Wadsworth.
- Sinode van Dordrecht. 1618. Dordtse leerreëls. (*In Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. 2003. Psalmboek : die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington: N.G. Kerk-uitgewers. bl. 73-109.).
- Sire, J.W. 1997. The universe next door : a basic worldview catalog. 3rd ed. Downers Grove, IL : InterVarsity.
- Sire, J.W. 2009. The universe next door : a basic worldview catalog. 5th ed. Downers Grove, IL : InterVarsity.

Smith, C. & Denton, M.L. 2005. Soul searching. [electronic resource] : the religious and spiritual lives of American teenagers. Oxford, NY.

Southgate, C. 2005. God, humanity, and the cosmos. 2nd ed. Rev. ed. London, NY : T & T Clark.

Statistics-SA. 2001. South African Statistics 2001.

<http://www.statssa.gov.za/publications/SASStatistics/SASStatistics2001.pdf> Date of access : 2018/09/17.

Statistics-SA. 2015. General Household Survey 2015.

http://www.statssa.gov.za/?page_id=1854&PPN=P0318&SCH=6475 Date of access : 2017/08/28.

Stoker, H.G. 2017. Convinced by Scripture and plain reason: Reasonable reformational apologetics. (*In* Van Der Walt, S.P. & Vorster N., eds. Reformed theology today : practical-theological, missiological and ethical perspectives. Durbanville, South Africa : AOSIS. p. 41-60).

Strommen, M.P. & Hardel, D. 2008. Passing on the faith : a radical model for youth and family ministry. Rev. ed. Winona, MN : Saint Mary's.

Ursinus, Z. & Olevianus, C. 1563. Die Heidelbergse kategismus. (*In* Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 2003. Psalmboek : die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington : N.G. Kerk-uitgewers. bl. 33-72.).

VanFleet, R., Sywulak, A.E. & Sniscak, C.C. 2010. Child-centered play therapy. NY : Guilford.

Venter, G.J. Geloofsgesprek met my kind [persoonlike gesprek] [personal interview]. 2015, Suid-Afrika.

Waltke, B.K. & Yu, C. 2007. An Old Testament theology : an exegetical, canonical, and thematic approach. Grand Rapids, MI : Zondervan.

Weiten, W. 2014. Psychology : themes and variations. South African ed. Andover, Hampshire : Cengage Learning.